Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Die Verborgenheid van die Geloof

Dr. J.H. Kroeze

Inhoudsopgawe

Inleiding 3
Die verborgenhede van die koninkryk van die hemele 4
Die verborgenheid van die geloof 5
Die verborgenheid van die godsaligheid 6
Die verborgenheid wat eeue lank verswyg was 7
Die mistiek 8
As iemand nie weer gebore word nie 10
Water en Gees 12
Die bad van die wedergeboorte 13
'n Baie kragtige en soete werking 14
Wedergeboorte en bekering 15
Geloof: *kennis* en *vertroue* 16
In Christus ingelyf 17
'n Geestelike huis 20
Bly in My, soos Ek in julle 21
In Christus 22
In die Here 24
Eenheid in liefde 25
Saam met Christus 26
Adam en Christus 29
Die Samaritaanse vrou 31
Die mistieke unie in die formuliere van enigheid 35
Die doop en die mistieke unie 37
"In Wie julle ook besny is" 39
"My vlees eet en my bloed drink" 42

Inleiding

ONS stel altyd belang in dinge wat verborge is. Dit wat geheim is, wil ons graag weet. Ons wil deel hê aan verborgenheid en geheime. Maar besef u — en met "u" bedoel ek: mense wat in Jesus Christus glo — dat u self saamleef met verborgenhede rondom u en binne-in uself?

Nee, daarmee bedoel ek nie die wonders van die natuur soos die ontkieming van saad, die ontluiking van 'n blom of die ontvangenis en geboorte van 'n kind nie. Die skepping is vol sulke wonders.

Wat ek bedoel, is die wonders van die geestelike lewe, van die geloof. Daarin word u omring van werkinge en daarin word u bewerk deur kragte wat vir vreemdes verborge is — deur geheime wat u sélf mag ken en ervaar.

Dikwels besef ons dit nie. En juis daarom moet ons mekaar opmerksaam maak daarop — tot verryking en verdieping van ons lewe.

Die verborgenhede van die koninkryk van die hemele

KOM ons neem as uitgangspunt Jesus se woorde Mattheus 13:11: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken. (In Markus 4:11 en Lukas 8:10 noem Hy dit die "koninkryk van God").

Jesus het dit gesê as antwoord op die vraag van sy dissipels hoekom Hy dan so deur gelykenisse spreek. Hy sê nou dat sy gelykenisse 'n tweeledige doel dien. Sy dissipels mag die verborgenheid van die Koninkryk wel leer ken, maar die ongelowige massa nie. Aan hulle is dit nie gegee nie. Daarom word die verborgenhede van die Koninkryk vir hulle toegehou. Want in hulle ongelowigheid verwerp hulle die woord van Jesus buitendien, en as Jesus dan in gelykenisse spreek, verstaan hulle daar niks van nie.

Vir sy dissipels egter, die wat gelowig wil luister, skuil in die gelykenisse 'n bekendmaking met die verborgenhede van die Koninkryk. Dit is wat Jesus bedoel met die woorde: Hy wat het, aan hom sal gegee word, maar hy wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.

Hierdie ongelowigheid van die volk is 'n vervulling van die profesie. Trouens, dit is ook God se bedoeling. Want as Jesaja geroep word, kry hy die merkwaardige opdrag: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur maar bemerk nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë sodat hulle nie sien met hulle oë en met hulle ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie (Jesaja 6:9, 10).

Maar hoe kan dit nou die doel van die prediking wees?

Nou ja, dit is darem ook nie die enigste doel daarvan nie. Die HERE praat mos ook van 'n heilige geslag wat oorbly soos 'n stomp van 'n omgekapte boom. Maar tog: Die verharding van die massa is 'n gerig van God oor 'n afvallige volk!

Waarom?

Omdat God sy heilswerk verrig nie tot roem van mense nie, maar tot eer van Homself.

Hy roep Abraham en gee vir hom 'n groot volk, maar daardie selfde volk van Abraham kon nie die Koninkryk van God stig nie. Hy roep Dawid, maar die koninkryk van Dawid het nie die Koninkryk van die Hemele geword nie. Die heil is net nie deur mense nie — selfs nie deur 'n uitverkore volk wat deur eiegeregtigheid die sonde en oordeel oorwin nie.

Mense self kan niks doen nie. Die heil kom net van God. En Hy skenk dit aan 'n oorblyfsel om die verborgenhede van die Koninkryk van die Hemele te verstaan.

In die oorspronklike tekste wat ons hierbo genoem het (Mattheus 13:11, Markus 4:11 en Lukas 8:10) word 'n Griekse woord gebruik wat ons goed ken: die woord Misterie. Die nuwe Afrikaanse vertaling, "Die Blye Boodskap", vertaal dit met geheim of geheime.

Die Koninkryk van die Hemele het dus sy verborgenhede, sy geheime. Die aard en die gang van sake in daardie Koninkryk is dus anders as wat ons hier rondom ons sien. God bestuur die koninkryk op sy eie manier en volgens sy eie doel en plan. Die waarhede en heerlikhede daarvan gaan ons begrip te bowe.

Een van die verborgenhede is dat dit geopenbaar word aan hulle vir wie dit *gegee* is. Niemand kan dit uit homself gryp nie. Die natuurlike mens aanvaar die dinge van die Gees van God nie, want dit is vir hom dwaasheid. Hy kán dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word (1 Korinthiërs 2:14).

As ons kinders van die Koninkryk is, leef ons te midde van die verborgenhede.

Die verborgenheid van die geloof

IN sy eerste brief aan Timotheüs skryf Paulus oor die verborgenheid van die geloof (3:9). Ook hier staan in die oorspronklike taal: Misterie.

In hierdie uitspraak het die woordjie "van" 'n besondere betekenis. Gewoonlik dui die woordjie 'n besitsverhouding aan — byvoorbeeld "die bome van die tuin": die tuin het bome. Dan is daar twee dinge: 'n tuin en bome. So was dit ook in die vorige uitdrukking: die Koninkryk van die Hemele het verborgenhede.

In die uitdrukking "verborgenheid van die geloof" het "van" egter 'n ander betekenis: dit is verklárend. 'n Duidelike voorbeeld daarvan sien ons in 2 Korinthiërs 1:22 waar daar letterlik staan: die onderpand van die Gees. Hier het ons nie met twee dinge te doen nie — met onderpand en Gees nie, of: met 'n Gees wat 'n onderpand het nie — maar met een saak: 'n onderpand. Dit word dan nader verklaar met: van die Gees. Dit wil sê: die onderpand is die Gees.

Heel tereg lui ons Afrikaanse vertaling dan ook: die Gees as onderpand. God het die Gees as onderpand in ons harte gegee. Dit is óók een van die verborgenhede van die Koninkryk van God!

In dieselfde sin moet ons ook die uitdrukking "verborgenheid van die geloof" verstaan. Hierdie uitdrukking beteken nie dat die geloof 'n verborgenheid het nie, maar dat dit 'n verborgenheid is. Dit beteken dat die geloof nie 'n natuurlike saak of 'n vanselfsprekende ontwikkeling in die mens is nie, maar iets besonders wat nie op natuurlike wyse ontstaan nie en nie verstandelik verklaar kan word nie. Die geloof word deur die Heilige Gees in die hart van die mens bewerk (Efesiërs 2:8; Filippense 1:29).

Paulus praat in 1 Timotheüs 3:9 oor manne wat die verborgenheid van die geloof hou in 'n rein gewete. "Hou" wil sê: vashou, bewaar. Hulle het, besit dit. Hulle mag dit nie laat glip nie, laat kwyn nie, maar dit hou "in 'n rein gewete!"

Die volharding in die geloof is net moontlik as dit gepaard gaan met 'n onberispelike lewenswandel. Soos wat 'n plant verskrompel in 'n vreemde klimaat, so verkrimp en verskraal die teer geloofsbesit in 'n aardsgesinde en wêreldgelykvormige lewe.

Paulus bring hierdie gedagte van die verborgenheid van die geloof ter sprake in verband met die eise vir die aanstelling van diakens. Hulle moet manne wees wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. Dit wil natuurlik nie sê nie dat nét die diakens dit moet doen of dat die verborgenheid van die geloof net by hulle voorkom nie. Die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens vat die saak dan ook breër op. Dit sê in die slotvermaning: Wees almal saam in u diens getrou (dus die ouderlinge en die diakens) en bewaar die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete.

Ek dink ons kan die betekenis nog ruimer neem. Die verborgenheid van die geloof is immers nie uitsluitlik die besit van ampsdraers nie!

Paulus sê: Diakens mag nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf wees aan wyn en geen vuilgewinsoekers wees nie. Daar was in die eerste gemeentes dus reeds broeders wat 'n minder nougesette lewenswandel gevolg het. Die gehalte van elkeen se geloof is nie ewe goed nie. Om 'n diaken te wees, moet jy "waardig" wees — waardig in gedrag en rein van gewete om die verborgenheid van die geloof te bewaar. Uit die manne wat só is, kan die ampsdraers gekies word.

Almal behoort goeie gelowiges te wees; hulle behoort die geloof te bewaar. Om op die teerheid, die waarde, die besonderheid van die geloof te wys, spreek Paulus van die "verborgenheid" van die geloof. En dit is 'n fyn besit!

Die verborgenheid van die godsaligheid

IN dieselfde hoofstuk — 1 Timotheüs 3 — noem Paulus die verborgenheid van die godsaligheid (vers 16).

Wat hy met godsaligheid bedoel, kan ook godsvrug, vroomheid genoem word. Die heidene uit Paulus se dae, die Grieke, het die begrip ook geken. Hulle het daarmee bedoel die trou en aanhanklikheid aan hulle gode. In die Nuwe Testament het die woord betrekking op die Christelike vroomheid, die godsvrug, die vrees van die enige ware God.

Hierdie vroomheid het egter 'n dieper wortel as bloot menslike gevoelens. Dit is 'n "verborgenheid", 'n geheim.

En wat is die geheim van die ware godsvrug?

Dit is groot.

Want wat is dit?

Die antwoord op hierdie vraag is 'n reeks gebeurtenisse uit die lewe van Christus. Hierdie opsomming lyk baie na 'n oud-christelike lied. Dat daar sulke liedere in daardie dae was, blyk uit Paulus se vermaning aan die gemeentes om mekaar te leer en te vermaan met psalms, lofsange en geestelike liedere (Efesiërs 5:19; Kolossense 3:16).

So 'n geestelike lied tref ons hier aan in die volgende vorm:

God is geopenbaar in die vlees
Is geregverdig in die Gees
Het verskyn aan engele
Is verkondig onder die heidene
Is geglo in die wêreld
Is opgeneem in heerlikheid.

Hierdie lied kan saamgevat word in een woord, in een Naam: Christus!

Christus is die verborgenheid, die geheim van die ware vroomheid. Alleen deur sy lewe en werk soos dit in hierdie lied beskryf word, is dit moontlik om God te vrees en om Hom te dien. Immers, sy Goddelike krag het alles aan ons geskenk wat tot die lewe en *godsvrug* dien, deur die kennis van Hom Wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug (2 Petrus 1:3).

Die verborgenheid wat eeue lank verswyg was

IN die slotverse van sy brief aan die Romeine werp Paulus 'n terugblik op sy evangelie — op die evangelie wat hy verkondig het (16:25-27).

Was dit dan sy evangelie? Nie in absolute sin nie. Dit bedoel Paulus ook nie. Hy voeg dan ook onmiddellik daarby: "en (dit wil sê: naamlik) die prediking van Jesus Christus".

Tog is dit in sekere sin wel sy — Paulus se — evangelie omdat hy daarvan 'n dienaar geword het. Dit skryf hy in sy brief aan die Efesiërs (3:7). Daar skryf hy ook uitvoeriger oor die verborgenheid wat hy in Romeine 16:25 noem. Die verborgenheid bestaan daarin dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam (van Christus) en mededeelgenote aan sy belofte (kyk ook 6:19, 20).

Vir ons, Christene van vandag, is dit nie so 'n wonderlike saak nie. Ons is gewoond daaraan. Ons behoort mos self tot die heidene, tot die nie-Jode, wat die evangelie van Christus mag aanvaar.

Maar in die beginjare van die Christelike kerk was dit anders gewees. Groot was die kloof tussen Jode en heidene en diep gewortel die oortuiging dat die heil alleen vir die Jode was. Ook vir Paulus self was daar 'n openbaring nodig om hom tot "die insig in die verborgenheid van Christus" te bring (Efesiërs 3:3 en volgende). En Petrus moes deur 'n visioen leer dat hy nie onheilig mag ag wat God rein gemaak het nie (Handelinge 10:9 en volgende).

Ook vir ons, Christene van vandag, is dit heilsaam om te oordink dat dit tot die "misterie" van die raad van God behoort dat ons deel mag hê aan die verlossing in Christus.

Paulus noem hierdie die misterie wat eeue lank verswyg was. Deur die prediking van Paulus is die swye verbreek. Hy is spesiaal tot die prediking geroep. Hy is die apostel van die heidene (Galasiërs 2:9).

Die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, is dus wyd en groot van omvang. Christus Self het dit aan die gang gesit met die bevel by sy hemelvaart: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom (Markus 16:15).

Ook in sy brief aan die Kolossense praat Paulus van hierdie verborgenheid wat deur eeue en geslagte heen verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges (1:26). Hy wys daar op die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid en sê dat die kern van die verborgenheid Christus self is.

Hierdie verborgenheid was "bedek" (1 Korinthiërs 2:7), maar deur God van ewigheid voorbeskik — tot ons heerlikheid! Paulus noem dit die verborgenheid van God "waarvan hy 'n bedienaar is" (1 Korinthiërs 4:1).

Ons lewe, ons gelóófslewe, is dus omring van en deurvleg met verborgenhede — gegrond op misterie en in sy wese niks anders nie as misterie van die ewige en wyse God aan Wie die heerlikheid toekom tot in ewigheid (Romeine 16:26, 27).

Ons vat dit alles saam in die titel van hierdie boekie: Die Verborgenheid van die Geloof.

Die mistiek

DIE verborgenhede wat ons genoem het — die verborgenhede van die koninkryk van die hemele, van die geloof, van die godsaligheid, die wat deur eeue en geslagte heen verborge was (met betrekking tot die deelgenootskap van die heidene aan die heil in Christus — Efesiërs 3:6, Kolossense 1:26 en Romeine 16:25) — word in die oorspronklike taal, in Grieks, almal "misteries" genoem.

Trouens, daar is nog meer gevalle waarin die woord gebruik word. Die evangeliepredikers word in 1 Korinthiërs 4:1 en Openbaring 10:7 "bedienaars van die verborgenhede van God" genoem. God het "die verborgenheid van sy wil" bekend gemaak, staan in Efesiërs 1:9. En Efesiërs 5:32 sê dat die huweliksgemeenskap 'n verborgenheid is waarmee die verhouding tussen Christus en sy gemeente aangedui word.

Maar nie net die heil nie — ook die sonde het sy misterieuse kant: "die verborgenheid van die ongeregtigheid" (2 Thessalonicense 2:7).

Weens hierdie veelvuldige gebruik van die woord "misterie" kan ons verstaan dat wysgerige en godgeleerde skrywers die woord *mistiek* daarvan afgelei het. Hulle gebruik hierdie woord dan ook dikwels in die bespreking van godsdienstige en geestelike onderwerpe en van die geloof.

Daar is natuurlik twee woorde "mistiek". Die een is die selfstandige naamwoord: die mistiek. En die ander die byvoeglike naamwoord: iets is mistiek.

Die selfstandige naamwoord beteken die feitlike bestaan, van gebeurtenisse of toestande in die godsdienstige lewe wat mens nie redelik kan verklaar nie maar wat tog werklik — geestelik werklik — is. So praat ons van "die mistiek in die godsdiens" en van "roomse" en "protestantse mistiek", ensovoorts.

Die byvoeglike naamwoord beteken weer dat 'n feit, gebeurtenis of toestand in die godsdienstige lewe nie redelik verklaarbaar is nie, maar geestelik, verborge van aard is. 'n Voorbeeld hiervan is die uitdrukking "mistieke unie (of eenheid)".

Hierdie mistieke unie is die naam vir die eenheid van Christus met sy gelowiges. Hulle word mos, soos die Kategismus in Sondag 7 sê, in Hom deur 'n ware geloof ingelyf. Dat die gelowiges met Christus een liggaam is, deur die geloof, is 'n feit — 'n geestelike feit wat in die Nuwe Testament op verskillende plekke geleer word. Hierdie eenheid is egter nie stoflik verklaarbaar nie, maar geestelik van aard.

Die mistiek in die godsdiens is die geheel en die saamvatting van al die mistieke feite, gebeurtenisse, toestande in die geestelike en godsdienstige lewe.

Ons moet egter met die gebruik van die woord "mistiek" baie versigtig wees. Soos ons dit hierbo uiteengesit het, is dit mistiek in 'n bepaalde en beperkte sin: die mistiek in die Christelike geloof.

Die woord word egter ook baie wyer gebruik. So is daar mistiek in heidense godsdienste, in Sjina, Indië en by die Grieke. Daardie mistiek bestaan in navolging van geheime voorskrifte, handelinge en gebruike waaraan net ingewyde persone kan deelneem om in nader kontak met "god" te kom. En dan is daar ook die Joodse mistiek of geheimleer wat ewe-eens tot bepaalde groepe beperk is.

Hierdie soorte van mistiek val heeltemal buite ons beskouing. Ons bepaal ons by die Christelike mistiek.

Maar selfs op hierdie meer beperkte terrein is daar 'n groot verskeidenheid. So kry jy roomse

mistiek en protestantse mistiek; mistiek uit bepaalde tye, soos die Middeleeuse en nuwe mistiek, en mistiek in bepaalde lande soos die Oosterse en Westerse. Dan is daar nog 'n valse mistiek, geesdrywery, en gesonde ofte wel woordgebonde mistiek — mistiek wat bepaal word deur die Woord van God en gegrond is in die Heilige Skrif. Dit is laasgenoemde mistiek wat by ons onderwerp "die verborgenheid van die geloof" aan die orde kom, "Mistiese" gedagtes, voorstellings en fantasieë wat in die mens se eie gees opkom, is valse mistiek.

Ware, suiwere mistiek is wel geesteswerking, maar dan werking van die Heilige Gees, en die Heilige Gees volg die Woord. Hierdie is die praktiese waarde van die Christelike kerk se ou belydenis dat die Seun uitgaan van die Vader en dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader *en van die Seun.* So word dit duidelik uitgespreek in die geloofsbelydenis van Nicea en in die van Athanasius, waarby die Nederlandse geloofsbelydenis hom in artikel IX geredelik aansluit en dit in artikel XI ook reguit sê.

In die Oosterse of Grieks-Katolieke Kerk is hierdie belydenis nie aanvaar nie. Daardie kerk leer dat die Heilige Gees alleen uitgaan van die Vader. In die Westerse of Rooms-Katolieke Kerk was dit veral Augustinus wat geleer het dat die Heilige Gees uitgaan van sowel die Vader as van die Seun. En die kerke van die Reformasie het hulle daarby aangesluit.

Hierdie geskil was een van die oorsake van die groot skisma, die skeuring tussen die Oosterse en die Westerse Kerk in 1054. Dit was 'n onenigheid met verreikende gevolge. Die Oosterse standpunt het aan die een kant tot 'n starre ortodoksisme gelei en aan die ander kant tot 'n onbeperkte mistisisme. Tot ortodoksisme omdat die skeiding van Seun en Heilige Gees die voortgaande werking van die Heilige Gees in die kerk ontken het. En tot mistisisme omdat die Heilige Gees werk buite Christus en die Woord om, waardeur "innerlike lig" en gevoelslewe die vrye loop in die harte verkry het.

As gevolg van baie sulke onaanvaarbare gestaltes van die mistiek het daar dan ook 'n sekere teësin teen mistiek ontstaan. Maar dit mag nie. Ons moet ons net binne die perke van die Heilige Skrif hou.

Die Bybel praat immers uitdruklik van verborgenhede. Die heil is vol van misterie. Dit is egter nie 'n uitvindsel van die gelowige nie. Die verborgenhede word in die Skrif geopenbaar. Dit is die mistiek in sy objektiewe vorm. Daarna word die "geopenbaarde mistiek" deur die gelowige ervaar en beleef. Dit is die mistiek in sy subjektiewe vorm.

Om dit kort te stel, kan ons voorlopig sê: Die suiwere, ware mistiek is die gemeenskap met God in Christus deur die geloof.

Die gemeenskap is daar nie omdat of deurdat ons dit ervaar nie. Dit is mooi andersom: Ons ervaar dit omdat dit daar is, en dit is daar omdat God dit bewerk deur sy Gees.

Dat Hy dit bewerk, is 'n misterie — maar in sy Woord sê Hy dát Hy dit bewerk. En in die gelowige aanvaarding van die openbaring ervaar ons die geestelike werklikheid van die misterie.

Die mistiek in ons geloofslewe is die bevinding, die ervaring, die belewing van die werking van die Heilige Gees in ons hart, langs die spoor van die Woord in die evangelie.

As iemand nie weer gebore word nie

As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie (Joh. 3:3).

Dit sê Jesus vir Nikodemus — en Hy sê dit reguit en beslis. Hierdie woorde is nie die slotsom van 'n lang gesprek nie. Jesus sê dit nog voor die gesprek begin het.

Hy sê dit as't ware om by voorbaat onverstand voor te keer en misverstand op te helder.

Nikodemus het in die nag na Jesus toe gekom. Wat sy boodskap was, kom ons nie eintlik agter nie. Hy begin met 'n begroeting vol agting en waardering vir Jesus, maar daarna kry hy geen kans om met vrae en besware of moeilikhede voor die dag te kom nie. Want Jesus neem Sélf die woord — en Hy doen 'n uitspraak wat Nikodemus stellig nie verwag het nie.

Jesus wéét wat in die mens omgaan (Joh. 2:25). Hy het ook die hart en die gedagtes van Nikodemus geken. Hy het geweet dat Nikodemus hierdie waarheid nodig gehad het om klaarheid te kry.

Dat Jesus van die koninkryk van God praat, was vir Nikodemus nie vreemd nie. Hy het darem so 'n idee daarvan gehad, al was dit dan ook 'n verkeerde idee.

Die Joodse Messiasverwagting het uitgeloop in 'n koninkryksverwagting waarin die oprigting van die troon van Dawid en verdrywing van die vyande of 'n heerskappy van God as Koning 'n belangrike plek ingeneem het. Daar word in die eerste drie evangelies — die sogenaamde sinoptiese evangelies — so dikwels oor die Koninkryk van God of die Koninkryk van die Hemele gepraat dat ons mag aanneem dat dit in daardie tyd 'n bekende begrip was.

Terloops: Die evangelie van Johannes noem net in die gesprek met Nikodemus die naam koninkryk van *God.* Johannes die Doper het verkondig dat die koninkryk van *die Hemele* naby gekom het, en Jerusalem, die hele Judea en die hele omtrek van die Jordaan het na hom toe uitgegaan. Maar wat Jesus verder sê: "weer gebore word" — dáárvan het Nikodemus geen idee gehad nie, selfs nie 'n verkeerde een!

Jesus verkwalik hom dit. As leraar van Israel behoort hy wat Nikodemus is, beter te weet. Het Dawid dan nie gebid nie: Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees? En wat het die Here dan bedoel met die bevel in Deuteronomium 10:16: Besny dan die voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie? En die HERE het gesê dat Hyself sal sorg, dat dit gedoen word: En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe (Deuteronomium 30:6).

Onthou Nikodemus bowendien nie dat God deur die mond van Jeremia beloof het dat Hy 'n nuwe verbond sal oprig waarby Hy die wet in hulle binneste sou gee en dit op hulle hart sou skrywe? Sowel Jeremia as Esegiël het mos die belofte van God deurgegee dat Hy aan sy volk 'n hart sal gee om Hom te ken dat Hy die HERE is; dat Hy aan sy volk die hart van klip uit hulle vlees sou verwyder en hulle 'n hart van vlees gee (Jeremia 24:7; Esegiël 11:19); dat Hy skoon water op hulle sou giet sodat hulle rein kon word (Esegiël 36:25-27 kyk ook Jeremia 31:31 ens).

Moes 'n skrifgeleerde soos Nikodemus nie dadelik raakgesien het dat daar 'n verband is tussen die beloofde lewensvernuwing in die Ou Testament en die woorde van Jesus oor "weer gebore word" nie?

Wat Jesus sê, is mos die samevatting van al die beloftes!

Maar Nikodemus begryp daar niks van nie. Hy sê: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan 22 tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word

nie!

Nikodemus praat soos wat 'n natuurlike mens praat. Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid. Trouens, hy kán dit nie verstaan nie omdat die dinge geestelik beoordeel moet word.

Die gedagte van "weer gebore word" behoort tot die verborgenhede van die koninkryk van die hemele. Dit is die eerste van die verborgenhede. Daarom begin Jesus daarmee. Hy stel Nikodemus daarmee bekend om die oorsaak van sy vrae en besware weg te neem.

Ook die Heidelbergse Kategismus noem die wedergeboorte as eerste en enigste voorwaarde vir die herstel van die gevalle mense se verdorwe natuur (Vr. 8). En die Nederlandse Geloofsbelydenis sê in artikel XXIV dat die waaragtige geloof in die mens deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees gewerk word, hom *wederbaar* en tot 'n nuwe mens maak en hom 'n nuwe lewe laat lei.

Water en Gees

OP Nikodemus se vraag hoe dit moontlik is om weer gebore te word, antwoord Jesus: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Daarmee bevestig Jesus nadruklik sy eerste uitspraak en voeg Hy nog 'n verklaring daarby: Hy bedoel 'n gebore word uit water en Gees (Joh. 3:5). Nie uit die vlees nie, maar uit die Gees (vers 6).

Ook uit water?

Vervul water dan ook 'n rol in die geestelike vernuwing? Nee, nie in die letterlike betekenis nie, maar wel in die sin waarin oor hierdie geestelike saak gepraat word, in die wyse waarop dit verduidelik en versinnebeeld word. Die Gees vervul die werklike rol in die wedergeboorte en die water die sinnebeeldige. En daardie sinnebeeldige rol is baie belangrik.

Hierdie manier van verduidelik het sy oorsaak in die reinigende werking van water. Die seremoniële wet van Israel skryf daarom ook wassing en bad met water voor as voorbereiding om deel te neem aan die erediens — dit beteken om deel te hê aan die gemeenskap met God.

Aan hierdie voorskrif dink Esegiël as hy die belofte van die heil deurgee met hierdie woorde van God Self: Dan sal Ek skoon water op julle giet (of sprinkel) sodat julle rein kan word; daarby sal God hulle ook 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee (36:25, 26).

Dit is die wedergeboorte!

Esegiël lê dus verband tussen reiniging, skoonmaak, en wedergeboorte. Dit doen Paulus ook as hy aan Titus (3:5) skryf dat God ons gered het deur die bad van wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees.

Die uitdrukking "bad van die wedergeboorte" beteken: 'n bad, 'n wassing wat bestaan in die wedergeboorte. Die wedergeboorte is dus 'n reiniging. En hierdie twee behoort bymekaar: die reiniging en die vernuwing. Die wedergebore mens is dus sowel rein as nuut! En sowel die reiniging as die vernuwing is die werk van die Heilige Gees. Die eerste van hierdie twee, die reiniging, word afgebeeld in skoonmaak met water deur allerlei voorgeskrewe wassings en ten slotte deur die doop.

Johannes die Doper het die skares wat in die woestyn na hom toe gekom het, met water gedoop. Hy sê: Ek doop met water (Johannes 1:26). Hy gee die teken van die vergewing van die sondes. En wie sy sondes bely en die teken van die doop gelowig aanneem, ontvang vergewing. Maar nie deur die water nie. Daarom sê hy: Wie ná my kom, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop (Markus 1; Johannes 1).

Wanneer Jesus dus sê dat Hy met "weer gebore" bedoel: gebore word uit water en Gees, dan noem Hy die teken of simbool: Water — en die eintlike bewerker: die Gees.

Die bad van die wedergeboorte

DIE Kategismus sê in antwoord 73 dat die doop die bad van die wedergeboorte genoem word en dat dit die Heilige Gees is wat hierdie benaming gebruik.

Hoewel Jesus met Nikodemus blykbaar oor die wedergeboorte praat, gebruik Hy daardie woord nie. Hy sê "weer gebore word" en "uit water en Gees gebore word".

Die woord "wedergeboorte" kom net twee keer in die Skrif voor — en altwee kere nie in dieselfde betekenis nie. In die uitdrukking "bad van die wedergeboorte" (Titus 3:5) beteken dit wel die lewendmaking van die mens wat dood is in die sonde, maar in Mattheus 19:28 beteken dit die totstandkoming van die nuwe hemel en die nuwe aarde (Jesaja 65:17, 66:22) by die wederkoms van Christus. Tog staan hierdie twee betekenisse met mekaar in verband, want die wedergeboorte van die sondaar kom eers tot volle heerlikheid by die wederkoms van Christus en die opstanding uit die dode.

Nou is die uiterlike waterbad by die doop nie die afwassening van die sonde sélf nie. Want alleen die bloed van Christus — sy soendood — en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes. Hoe kan — so vra die Kategismus hier in vraag 73 — die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sonde noem? Die doop is dit mos nie? (Vraag 72.)

Dit is 'n belangrike vraag hierdie — 'n vraag wat nie net by die doop nie maar ook by die nagmaal, dus by altwee die sakramente, gestel kan word. En die antwoord is belangrik vir die regte insig in die betekenis van die sakramente.

Die Kategismus sê daar is twee redes vir hierdie benaming van die doop.

Die eerste is om ons daardeur te *leer* dat net soos die onsuiwerheid van die liggaam deur die water, so ook ons sondes deur die bloed en die Gees van Christus weggeneem word.

Die tweede is dat Hy ons deur dieselfde Goddelike pand en waarteken wil *verseker* dat ons só sekerlik van ons sondes geestelik gewas is as wat ons uitwendig met die water gewas word.

God wil ons, gelowiges, deur die doop iets *leer* en iets *verseker:* die wegwassing van die sondes en ons deelname daaraan. Deur hierdie betekenis is die doop 'n Goddelike pand en waarteken, en kry dit die naam van dit wat Hy leer en verseker — sónder om dit self te bewerk. Wat die doop leer en verseker, word bewerk deur die soendood van Christus en deur die Heilige Gees. Ons word die weldade van Christus deelagtig deur die geloof. Die geloof word gewerk deur die Heilige Gees en Hy versterk dit deur die sakramente.

Wanneer Paulus dus sê dat ons gered word "deur die bad van wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees", (Tit. 3:5) sê hy presies dieselfde as wat Jesus in Johannes 3:5 sê met die woorde: "gebore word uit water en Gees".

Dat die doop die naam kry van dit wat hy leer en verseker sonder om dit self te bewerk, noem ons *sákramentele taal.* Dit word nie gedoen om hierdie verborgenheid van die Koninkryk van die Hemele, die doop, nog meer te verberg nie, maar om dit te verduidelik. Om hierdie verduideliking te verstaan, is dit wel nodig om 'n geestelike mens te wees, soos Paulus dit in I Korinthiërs 2:14 en 15 noem. Eers dán verkry ons toegang tot en ingang in die verborgenhede van die Koninkryk van die Hemele.

Ons kan dus in die verband sê dat ons ingewydes moet wees om die mistiek van die verborgenheid van die geloof te kan verstaan.

'n Baie kragtige en soete werking

VAN al ons belydenisskrifte handel die Dordtse leerreëls die uitvoerigste oor die wedergeboorte. Dit is die artikels III en IV, 10—12.

Die Leerreëls praat hoofsaaklik oor die uitverkiesing en sê dat dit aan God toegeskryf moet word as mense op die roepstem van die evangelie kom en bekeer word. Want wie deur Hom *van ewigheid* uitverkies is, word *in die tyd* kragtiglik geroep (10).

Daarby dring Hy in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde Gees wat die wedergeboorte skenk: Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurf die wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in. Hy maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspannig was, gehoorsaam word. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit soos 'n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring (11).

Hierdie dinge, so sê die Leerreëls verder in 12, is die wedergeboorte, die vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking — dinge waarvan daar in die Skrif so heerlik gespreek word, wat God sonder ons in ons werk ... dit is heeltemal 'n bónatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie *soete,* wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking wat — volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die Oorsaak van hierdie werking, ingegee is — in sy krag nie minder of geringer is as die skepping of die opwekking van die dode nie. Sodat almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadiglik weergebore word en daadwerklik glo. En nou word die wil wat so vernuut is, nie net deur God gedrywe en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook sélf . . .

In hierdie duidelike omskrywing van die wedergeboorte tref dit ons aandag dat dit onder meer ook 'n *soete* werking genoem word. Kragtig en tog soet!

Ons belydenisskrifte bevat meer sulke opmerkings. So word in 1,12 gesê dat die gelowiges die werking van die Heilige Gees met 'n geestelike blydskap en heilige genieting waarneem, en sê die Kategismus in antwoord 90 dat die opstanding van die nuwe mens "'n hartlike vreugde in God deur Christus" is.

Die wedergeboorte roep ons mos uit die duisternis tot sy wonderbare lig. Die koninkryk van God is vrede en blydskap in die Heilige Gees, sê Paulus in Romeine 14:17.

Dit is 'n vrymaking uit die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God (Rom. 8: 21).

In die wedergeboorte kom die hart van die verbryseldes tot herlewing, sê Jesaja 57:15.

Dit is die vreugde waarna Dawid verlang, die vreugde en blydskap van die heil van God, soos in die beryming van Psalm 51 vers 6:

gee my weer lewensvreug, die soete *smaak wat ek moet mis, in sondesmart verlore . . .*

Wedergeboorte en bekering

IN artikel XXIV van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees ons dat die waaragtige geloof die mens *wederbaar*.

Hiermee word gesê dat die wedergeboorte 'n vrug of werking is van die geloof. Dit stem nie ooreen met wat in die voorafgaande hoofstukke opgemerk is nie. Dáár is dit veeleer juis andersom: Dat die geloof vrug is van die wedergeboorte. Alleen die weergebore mens kan glo en hom bekeer.

Die wedergeboorte waarvan Jesus met Nikodemus praat, is mos 'n vernuwing, 'n nuwe skepping, 'n opwekking uit die dode, 'n lewendmaking wat God sónder ons in ons werk. Dit is bonatuurlike, wonderbare, verborge werking wat volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die Oorsaak van hierdie werking, ingegee is — in sy krag nie minder of geringer nie as die skepping of die opwekking van die dode sodat hulle almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadiglik weergebore word *en daadwerklik glo.*

Hier staan duidelik dat die geloof vrug is van die wedergeboorte. Inderdaad kan en wil die ónweergebore mens nie in Christus glo nie.

Vanwaar nou die verskil tussen die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls?

Die verskil vloei voort uit 'n ou spraakgebruik, naamlik om "wedergeboorte" en "bekering" as benamings van dieselfde saak te gebruik. In later tye is daar skerper onderskeid gemaak tussen die wedergeboorte as die opwekking en begin van die nuwe lewe deur die werking van die Heilige Gees aan die een kant en aan die ander kant: die bekering as die voortgang van die nuwe lewe wat die sonde hoe langer hoe meer haat en ontvlug maar lus en liefde het om na die wil van God in alle goeie werke te lewe (Kategismus, Sondag33).

In die lig van hierdie woordgebruik word artikel XXIV heel duidelik 'n uitspraak oor *die bekering.* Daardie artikel praat dan ook verder oor 'n vrome en heilige lewe.

Intussen blyk uit hierdie selfde artikel dat die geloof nie werkeloos is nie. Dit praat van 'n *regverdigmakende* geloof en sê dat dit deur die geloof in Christus is dat ek geregverdig word.

Die geloof *doen* dus iets!

En dit bring ons weer nader by ons onderwerp: die verborgenheid van die geloof.

Geloof: *kennis* en *vertroue*

IN Sondag 7 lees ons wat die geloof *is* en wat dit *doen.* Wanneer ons dieper oor hierdie omskrywing nadink, kom ons tot die besef dat die geloof inderdaad 'n verborgenheid is, dit wil sê dat die natuurlike mens dit nie wil verstaan nie. Die geestelike mens (1 Korinthiërs 2:15) aanvaar dit wel omdat hy in besit van die verborgenheid is.

Wat *is* die geloof dan?

Dit is kennis en vertroue — 'n gewisse kennis en 'n váste vertroue. Dit is twee werkinge in en van die weergebore mens. Hierdie twee werkinge behoort by mekaar soos twee stringe wat tot een koord saamgevleg is.

Die vertroue word deur die Heilige Gees in ons harte gewerk, sê die Kategismus.

Máár die kennis is óók 'n geesteswerking. Om ons ware kennis van hierdie groot verborgenheid (die voldoening van Christus) deelagtig te maak, so sê die Nederlandse Geloofsbelydenis in artikel XXVII [dit moet wees XXII - WJS], laat die Heilige Gees in ons harte 'n opregte geloof ontvlam. Die geloof is volgens Efesiërs 2:8 'n gawe van God — die geloofskennis sowel as die geloofsvertroue.

Hierdie kennis is nie 'n teoretiese kennis nie. Die bron van die kennis is wel die Evangelie of die Heilige Skrif, maar ons lees dit met die verligting van ons verstand, wat weer 'n werk van die Heilige Gees is. Die Gees oortuig ons daarvan dat dit wat die Skrif sê, die waarheid is en op grond daarvan dat die heil deur God geskenk is — nie net aan ander nie, maar ook aan my. Dit is die persoonlike geloofsekerheid.

Die geloof is 'n vaste grond. Dit geld net vir die geloof wat deur die Heilige Gees in ons harte gewerk word. Dit is dus só dat die oorsprong van die geloof nie op sielkundige wyse verklaar kan word nie. Die oorsprong van die geloof is 'n misterie, 'n verborgenheid.

Maar wat *doen* die geloof?

Die geloof, sê artikel XXIV, kán nie werkeloos wees nie. Dit bring vrugte, goeie werke, voort. Die geloof werk deur die liefde, sê Galasiërs 5:6.

Dieselfde artikel noem die geloof ook die regverdigmakende geloof. Inderdaad, met die hart glo ons tot geregtigheid (Romeine 10:10).

Ons moet dit egter nie so verstaan asof die geloof self ons regverdig maak nie, want dit is maar 'n middel waardeur ons Christus, ons Regverdigheid, omhels. Die geloof is 'n middel wat ons met Christus verbind in die gemeenskap aan al sy weldade (artikel XXII). Dit word ook gesê in Sondag 7. Net die wat in Christus deur 'n ware geloof *ingelyf* word en al sy weldade aanneem, word deur Christus verlos.

In Christus ingelyf

OOK dit — die inlywing — gebeur deur die geloof. God die Heilige Gees lyf ons in in Christus en die geloof is die verbinding met, die band aan Christus. Die gelowiges is dan saam met Christus een liggaam. Hy is die Hoof, en sy gelowiges is die ledemate van sy liggaam (1 Korinthiërs6:15).

Hier sien ons weer van 'n ánder kant die verborgenheid van die geloof!

Die Kategismus beskryf in Sondag 7 die vereniging, die eenheid met Christus deur die woord *ingelyf.* Hierdie term is nie regstreeks aan die Skrif ontleen nie, maar gee wel uitdrukking aan dit wat die Skrif in ander bewoordings leer. Die woord "ingelyf" is deur godgeleerde skrywers in gebruik geneem.

In die Heilige Skrif kry ons die volgende uitdrukkings: "met Hom saam gegroei" (Romeine 6:5) en "opgroei in Hom" (Efesiërs 4:15). Die woord "groei" laat dink aan 'n lewende organisme soos 'n liggaam of 'n plant. Dit pas hier ook baie goed. Die eenheid met Christus is mos ook iets wat leef. Inderdaad word dit in die Nuwe Testament as 'n liggaam of 'n plant bespreek.

As 'n *liggaam:* In 1 Korinthiërs 6:15 vra Paulus aan sy lesers of hulle nie weet dat hulle liggame lede van Christus is nie. Dit geld vir elke gelowige. En julle, so sê hy in 12:27 tot dieselfde gelowiges, is dus almal tesame die liggaam van Christus. Eintlik staan hier "'n liggaam" van Christus, 'n "Christusliggaam" — 'n liggaam wat aan Christus toebehoort en uit Hom leef.

Dit gaan in die verband van 1 Korinthiërs 12 om die eenheid in die gemeente. Die gemeente is een liggaam (vers 12), maar Paulus sê weer daarby dat ook elke lid van die gemeente lid is van die liggaam van Christus. Hy sê dit met die woorde: En lede afsonderlik (vers 27 slot). Dit is ook weer die gedagte van vers 12 Soos 'n liggaam met al sy lede een liggaam is, so is ook Christus. Eintlik staan hier "die Christus" dit wil sê Christus en die wat in Hom glo.

Alle gelowiges is lede van sy liggaam. Dit is ons verbondenheid aan Christus maar tegelyk ook ons verbondenheid aan mekaar: Ons is almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar (Romeine 12:5).

Hierdie gedagte dat ons lede van Christus is, mag ons nie oppervlakkig opvat en in die daaglikse lewe vergeet nie. Ons moet dit so ernstig en letterlik opneem dat ons kan sê dat ons met Christus een vlees is. Dáártoe het die Woord *vlees* geword.

Paulus neem die gedagte dan ook so letterlik op dat hy daarmee aantoon hoe dwaas en ongerymd dit is om 'n hoer "aan te hang" (met haar gemeenskap te hê), want dan word jy een liggaam met haar — want die twee, sê God, sal een vlees wees! Jy neem dan lede van Christus — jouself — en maak dit lede van 'n hoer. Dit kan tog nie! Een-vlees-word betaam slegs in die ordelike huwelik.

Daar is dit 'n groot verborgenheid! En vandaar gaan die gedagtes van Paulus onmiddellik na Christus en die gemeente (Efesiërs 5:31, 32).

Tog moet ons van die eenheid met Christus soos een liggaam geen *vleeslike* gedagtes koester nie! Paulus se afkeuring van hoerery sou ons so kon laat dink. Daarom laat Paulus met 'n groot sprong in sy redenering ten slotte nog hierdie uitspraak volg: Maar wie die HERE aanhang, is een *gees* met Hom! (1 Kor. 6:17.)

Die beskrywing van die eenheid van die gemeente met Christus as een liggaam word in nog 'n besonderheid uitgewerk, naamlik dat Christus in die een liggaam die Hoof is. Hy is die Hoof van die liggaam, die gemeente (Kolossense 1:18 en Efesiërs 5:23) en in Hom groei ons

op — in Hom wat die Hoof is: Christus. Met "in Hom opgroei" bedoel Paulus "na Hom toe groei" sodat ons eenheid met Hom gedurig inniger en duideliker word (Ef. 4:15).

Dat Christus die Hoof van die liggaam is, beteken meer as net dat Hy 'n deel is van die geheel. Want Hy is die deel uit Wie die groei van die liggaam voortkom: Hy is die Hoof uit wie die hele liggaam — goed saamgevoeg en saamverbonde deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van die afsonderlike deel in sy mate — die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in die liefde (Efesiërs 4:16).

Paulus teken hier 'n gesonde funksionerende liggaam wat groei en toeneem in krag — uit, vanuit Christus. Dieselfde skryf Paulus in die brief aan die Kolossense, 2:19: die Hoof uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en verbindinge ondersteuning ontvang en saamgebind word en so met goddelike groei groot word.

Die onderlinge verhouding tussen die gelowiges is dus van betekenis vir die groei van die gemeente. Maar ook hier sê Paulus: uit Hom, uit die Hoof. Hy is die kragbron, die lewensbron. Christus die Hoof en die gemeente 'n goed saamgevoegde en saamverbonde liggaam. Maar ook elke gelowige het Christus tot Hoof, elkeen afsonderlik. Die Kategismus bely dat "my siel ná hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word."

Uit wat hierbo gesê is, blyk dat die woord "ingelyf" ten volle geregverdig is.

As 'n *plant:* In Johannes 15 sê Jesus: Ek is die ware wynstok (vers 1) en: Ek is die wynstok, julle die lote (vers 5). Met groot nadruk sê Hy hoe noodsaaklik dit is dat hulle — sy dissipels, sy gelowiges — in Hom bly. Die lote groei aan die wynstok. Die wynstok is een geheel met sy lote. Daarom kan die eenheid van Christus met sy gelowiges beskryf word as 'n wynstok en sy lote.

Nou moet ons toegee dat dit in Johannes 15 nie in die eerste plek om eenheid gaan nie. Dit bedoel in die eerste plek die vrug van die wynstok. In die wynstok-voorstelling neem Jesus God Self ook op: My Vader is die landbouer. En die eerste wat Hy in die nadere uitwerking van die voorstelling sê, is: Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg. Dit gaan hier dus primêr om die vrug, die gedagte aan eenheid is sekondêr, hoewel nie minder reëel nie!

Die oorsaak hiervan is dat Jesus die wynstok-voorstelling aan die Ou Testament ontleen. Wie sy Bybel oplettend lees, sal merk dat Jesus dit heel dikwels doen. In Jesaja 5 lees ons dat die HERE met sorg 'n wingerd geplant het en verwag het dat dit druiwe sou dra. Maar dit was 'n groot teleurstelling!

Die verklaring van hierdie gelykenis word onmiddellik bygevoeg. Want — so sê vers 7 — die wingerd van die HERE van die leërskare is die huis van Israel. . . En met die huis van Israel het God groot planne gehad. Dit sou in die sondige wêreld verwerkliking van reg en geregtigheid word as Koninkryk van God. God het die plan nie laat vaar nie, hoewel dit in sy eie volk nie verwesenlik is nie.

Ook in Psalm 80 word met betrekking tot Israel gesê dat God 'n wingerdstok geplant het. En ook hier het dinge verkeerd gegaan: Die wynstok is afgekap en met vuur verbrand vanweë "die dreiging van u aangesig" (vers 17). Die dreiging van God se aangesig is sy toorn oor die afwyking (vers 19) van sy volk.

In aansluiting hierop sê Jesus: Ek is die ware wynstok.

Die huis van Israel was nié die ware wynstok nie. Christus wél.

In 'n profetiese vergesig, het die digter die gestalte van Christus gesien in "die menseseun wat U vir uself grootgemaak het" (vers 18).

Christus en sy gelowiges is die ware wynstok. Hy stig die Koninkryk van die Hemele. Dit is wat Jesus hier bedoel, maar tegelyk gee Hy daarmee uitdrukking aan die gedagte van die eenheid van Hom en sy gelowiges.

'n Geestelike huis

DIE Nuwe Testament bied nog 'n derde voorstelling van die eenheid van Christus met sy gelowiges, naamlik die van 'n gebou.

Aan die Korinthiërs skryf Paulus dat hulle 'n tempel van God is en die Gees van God in hulle woon (1 Kor. 3:16), 'n tempel van die lewende God waarin Hy woon (2 Kor. 6:16). En aan die Efesiërs dat hulle gebou is op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in Wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees (Ef. 2:20 - 22). Petrus werk die beeld volledig uit as hy sê: Laat julle soos lewende stene opbou tot 'n geestelike huis (1 Petr. 2:5).

In elkeen van hierdie drie voorstellingswyses is Christus die bron en oorsprong: Die hoof uit wie die liggaam groei en grootword, die wynstok in wie die lote vrug dra, die fondament, die hoeksteen waarop die heilige tempel verrys. En die tempel is lewend, goed saamgevoeg, soos ook die liggaam deur gewrigte en verbindinge saamgebind word; die gelowiges is lewende stene, vrugdraende lote, elkeen lede met 'n eie betekenis en werking (1 Korinthiërs 12:12-26; Romeine 12:4-8).

Van al drie hierdie beelde tref ons die van die liggaam die meeste aan. Die Kategismus maak dus tereg gebruik van die term inlywing: "Ingelyf in Christus".

Bly in My, soos Ek in julle

DIE eenheid tussen Christus en sy gelowiges is wederkerig. Die gelowiges is in Christus ingelyf deur die geloof, en Christus kry in hulle gestalte (Gal. 4:19).

Maar waarin vind die eenheid nou sy grond? Waarom en waardeur bestaan dit? En hoekom is dit daar?

Die Kategismus sê deur die geloof. Dit beteken dan deur ons geloof.

Dit is egter nie 'n volledige antwoord nie. Dit stel net een kant van die saak. In elk geval beteken dit nie dat ons geloof die eenheid bewerk en tot stand laat kom nie. Geloof is die aanvaarding van iets wat alreeds bestaan. Deur die geloof neem ons byvoorbeeld die Evangelie wat alreeds verkondig is, aan. Die geloof aanvaar deur kennis en vertroue die heil wat aanwesig is en gepreek word. En die geloof word in die Skrif ook gedurig aangemoedig om te volhard en sterker te word — deur woord en sakrament. So sê Christus, die Ware Wynstok: Bly in My. Ook dit is 'n aansporing.

Maar wat sê Christus verder? Soos Ek in julle. Hy bly in sy dissipels. Dit staan vas. Hy het geen aansporing nodig nie. By Hom is die vastigheid. Die eenheid rus en bestaan in Hom.

As Jesus die gedagte van eenheid, soos dit in die wynstok afgebeeld word, verder uitwerk, praat Hy nie van geloof nie, maar van liefde! Die liefde is die alles-oorkoepelende saambinding. In vers 9 sê Jesus: Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. En by die liefde behoort gehoorsaamheid! As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.

Gehoorsaamheid en liefde gaan dus saam. Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, die is my broer en suster en moeder (Mattheüs 12:50; Markus 3:35). Deur óngehoorsaamheid word die liefde gesteur.

Deurdat Hy die liefde noem, sluit Jesus die geloof egter nie uit nie. Die genade skenk geloof en liefde (1 Timotheüs 1:14, 2 Timotheüs 1:13). Die geloof werk deur die liefde (Galasiërs 5:6).

So vind dan die eenheid van Christus met sy gelowiges sy bestand in die liefde — in die liefde van God vir sy Seun en vir die wêreld (dit is: sy skepping), in die liefde van Christus vir sy eie mense en in die liefde van die gelowiges vir mekaar.

Om dit te kan verstaan, moet ons egter die regte begrip van liefde hê. Dit is nie een of ander spesiale liefde in 'n bepaalde verhouding nie, maar die liefde, die harmonie, die eenheid van die skepping van God wat goed, báie goed was.

In daardie harmonie lê die geluk van die skepping en skepsele, en die oortreding het dit verwoes. Dáárom eis Jesus bewaring van sy gebooie.

Daardie liefde tree weer op in die sending van Christus Jesus, herskeppend en herstellend. God maak iets nuuts wat weer eenheid is, almal in een, soos 'n liggaam en die hoof, soos 'n wynstok en die lote, soos 'n gebou en sy hoeksteen.

God doen dit alles deur Christus, deur die inlywing in Hom.

Ons behoort aan Christus en Christus aan God, sê 1 Korinthiërs 3:23.

Hierdie eenheid behoort tot die verborgenhede van God. En dit moet gepreek word sê 1 Kor. 4:1.

In Christus

DIE gelowiges is dus met Christus een liggaam, in Hom ingelyf.

Dit is geen beskouing nie, maar werklikheid. Christus en al sy gelowiges is saam een plant, een gebou, een liggaam. Dit is wel 'n geestelike en ook 'n verborge saak, maar nietemin wáár en wérklik. Ons lewe is saam met Christus verborge in God (Kolossense 3:3).

Vanuit hierdie werklikheid skryf Paulus dan ook so dikwels: "in Christus". Hy skryf dit telkens weer in allerlei verbande, ook as ons dit nie sou verwag nie of nie daaraan dink nie.

Die gelowige Filippense, byvoorbeeld, is heiliges *in Christus Jesus* (1:1). Hulle is heilig nie om iets van hulleself nie, maar in die nuwe lewensgemeenskap waarin hulle oorgeplaas is — en daarin, in *Christus Jesus*, word hulle harte en sinne ook bewaar (4:7).

Aangaande die gelowiges te Korinthe sê Paulus dat hulle deur Hom (dit is God) *in Christus Jesus* is (1 Kor. 1:30). In Romeine 8:1 skryf hy dat daar geen veroordeling is vir *die wat in Christus Jesus is* nie. Hy bedoel dan die gelowige Korinthiërs en Romeine.

Paulus doen dan ook alles in Christus Jesus. Hy spreek die waarheid *in Christus* (Romeine 9:1). Hy roem op die gelowiges *in Christus* (1 Korinthiërs 15:31). Hy het hulle vader geword — dit wil sê hulle deur die Evangelie verwek — *in Christus Jesus* (1 Korinthiërs 4:15). Hy spreek — dit is sy optrede — *in Christus Jesus* (2 Korinthiërs 2:17; 12:19). Hy het vrymoedigheid *in Christus Jesus* (Filemon 8). Al die dinge doen hy vanuit sy gemeenskap met Christus.

Die gelowiges het hulle eienskappe nie uit hulleself nie, maar hulle is volmaak *in Christus Jesus* (Kolossense 1:28); soos klein kinders *in Christus Jesus* (1 Korinthiërs 3:1); verstandig *in Christus* (1 Korinthiërs 4:10). Hulle wandel, lewenswandel, is *in Hom, Christus Jesus die Here* (Kolossense 2:6) en so sterf hulle ook *in Christus Jesus* (1 Thessalonicense 4:16), ontslaap *in Christus* (1 Korinthiërs 15:18).

As Epafras saam met Paulus gevange is, dan is hy sy medegevangene in *Christus Jesus* (Filemon 23). Paulus se boeie het openbaar, duidelik, geword *in Christus* (Filippense 1:3) dit wil sê: Die gedrag van die geboeide apostel, 'n lewensgedrag in Christus, het laat blyk dat hy nie weens misdaad geboei was nie.

Om so *in Christus* te leef en alles te doen, is *Christelik* in die volle sin van die woord.

As Paulus in Romeine 16:7 vir Andronicus en Junias laat groet en met betrekking tot hul wil sê dat hulle reeds eerder as hy Christene, gelowiges, geword het, dan druk hy dit so uit: "wat reeds voor my *in Christus* gewees het."

Dit is die wesenlike kenmerk van gelowig-wees: om "in Christus te wees", om te behoort tot die groot geestelike verborge gemeenskap van Christus saam met al sy eie mense.

Die teenstelling van "in Christus" is "na die vlees". Paulus sê in 2 Korinthiërs 5:16: Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie. "Na die vlees" beteken dan: in natuurlike, aardse verhouding. In daardie verhouding het die broers van Jesus tot Hom gestaan, want hulle het nie in Hom geglo nie (Johannes 7:5).

Paulus ken Jesus egter nie só nie maar as die Christus in Wie hy deur die geloof ingelyf is. En as iemand in Hom ingelyf is dan het hy toegetree, dan is hy oorgeplaas in 'n nuwe gemeenskap en het hy 'n nuwe skepsel geword. Hy noem homself *'n man in Christus* (2 Korinthiërs 12:2), dit wil sê 'n gelowige.

Ook sy stryd in Efese was nie "op menslike wyse" nie (1 Korinthiërs 15:32), dus: "in Christus".

Die woorde "in Christus Jesus" is aanduiding van 'n begrip, van 'n ander, nuwe bestaan met sy eie wette.

In Christus Jesus het nog die besnydenis nog die onbesnedenheid enige krag (Galasiërs 5:6, 1 Korinthiërs 7:19). Dit is 'n bestaanswyse, 'n lewensgemeenskap waarmee die wü van God rekening hou. Die bevel om in alles dankbaar te wees, word gegee omdat dit die wil is van God oor julle *in Christus Jesus* (1 Thessalonicense 5:18), dit wil sê kragtens die lewensgemeenskap van die gelowiges met Christus.

In die Here

DIE voorbeelde van die beskrywing van die gemeenskap met Christus met die woorde "in Christus" is te veel *om* op te noem. Daarby kom nog die baie uitsprake van Paulus waarin hy "in Christus" afwissel met "in die Here", wat dieselfde beteken.

Paulus betuig *in die Here* (Efesiërs 4:17). Hy weet en is oortuig *in die Here Jesus* (Romeine 14:14). Paulus *vertrou in die Here* dat die Galasiërs goed sal dink (5:10). Hy vertrou *in die Here* dat die Thessalonicense goed sal handel (2 Thess. 3, 4). Hy vertrou *in die Here* dat hy die Filippense spoedig sal kan besoek (2:24). Want sy vertroue is gegrond op sy gemeenskap met die Here Jesus.

Die toegang tot die harte van die mense is vir Paulus 'n deur geopen *in die Here* (2 Korinthiërs 2: 12).

Die gelowiges is hulle wat *in die Here* is (Romeine 16:11). Die gelowiges is broeders wat *in die Here* 'n regte insig het (Filippense 1:14).

'n Mens leef in die vlees maar ook *in die Here* (Filemon vers 6), ook as broeders!

Gelowiges groet mekaar *in die Here* (Romeine 16: 22; 1 Korinthiërs 16:19) en ontvang mekaar *in die Here* (Romeine 16:2; Filippense 2:29). Hulle is bly *in die Here* (Filippense 3:1, 4:10). Hulle staan vas *in die Here* (Filippense 4:1) en is kragtig *in die Here* (Efesiërs 6:10). Hulle arbei *in die Here* (Romeine 16:12; 1 Korinthiërs 15:58). Ook die beslissing om in die huwelik te tree, moet *in die Here* geskied (1 Korinthiërs 7: 39).

Vroue moet hulle manne onderdanig wees *in die Here* (Kolossense 3:1) en kinders moet hul ouers gehoorsaam *in die Here* (Efesiërs 6:1).

Ampsdraers ontvang hul bediening *in die Here* (Kolossense 4:17) en hulle is voorgangers *in die Here* (1 Thessalonicense 5:12). Die eienskappe wat gelowiges besit, het hulle *in die Here.* Apollos was die beproefde *in Christus,* Rufus die uitverkorene *in die Here* (Romeine 16:13), Amplias was Paulus se geliefde *in die Here* (Romeine 16:8) en Timotheüs sy geliefde en getroue seun *in die Here* (1 Korinthiërs 4:17).

Die Korinthiërs is Paulus se werk *in die Here* en sy seël *in die Here* (1 Kor. 9:1,2).

Soos ons sien, is al hierdie voorbeelde ontleen aan die briewe van Paulus. Wat ons tot dusver oor die "inlywing in Hom" gesê het — want dit is nog steeds ons onderwerp van bespreking — en ook wat ons in die vervolg nog sal sê hieroor, is lering van Paulus. Dit is "Paulinies" soos party geleerdes dit uitdruk.

Ons mag hierdie woord nie gebruik om 'n teenstelling te maak tussen Paulus en die vier Evangelies of tussen Paulus en Jesus of tussen "Pauliniese" en "Johanneïse" teologie nie. Daar is ook geen wesenlike verskille nie — net verskillende gesigspunte. Die outeur van die Heilige Skrif, die Heilige Gees, het die gesigspunte saamgevoeg in die een Nieu-Testamentiese getuienis.

Dit is daarom opmerklik dat Petrus die uitdrukking "in Christus" ook gebruik (1 Petr. 3, 16). Petrus het Paulus nie alleen geken nie maar ook gelees (2 Petr. 3:16). Hy het wel moeilik gevind wat Paulus in sy briewe geskryf het, maar die term "in Christus" as kenmerk van 'n goeie Christelike lewenswandel het hy oorgeneem.

Ten slotte moet ons in hierdie verband nog opmerk dat Paulus nie net praat van ons in Christus maar ook van Christus-in-ons. Ook dit behoort tot die verborgenheid van die geloof. Die gelowiges moet die Gees van Christus hê, dan is *Christus in hulle* (Romeine 8:10). Van homself getuig hy dat *Christus leef in hom* (Galasiërs 2:20).

Eenheid in liefde

DIE gedagte van eenheid in Christus — van Christus met sy gelowiges en wederkerig van sy gelowiges met Hom, en eenheid van die gelowiges met mekaar — word ook dikwels, en met nadruk, uitgespreek in die geskrifte van Johannes. Ons het reeds daaroor gepraat in verband met "die wynstok en die lote". Jesus lê daar groot nadruk op die wederkerigheid: Bly in My, soos Ek in julle, en: Wie in My bly en Ek in hom (Johannes 15:4, 5).

In sy gesprekke met die Jode sê Jesus: Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom (6:56). Oor die uitdrukking sy vlees eet en sy bloed drink, sal ons later nog moet praat. Hier merk ons net op dat daarmee geloof, innige geloof, bedoel word. Dan is die eenheid met Christus weer *geloofseenheid.*

In 17:26 word egter *die liefde* by daardie eenheid betrek: Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak . . . sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.

Tegelykertyd word ook God, die Vader, in hierdie verband genoem. Jesus het dit ook reeds gesê oor die wynstok: Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My (15:9).

Jesus verkondig ook die eenheid tussen Hom en die Vader: Die Vader in My en Ek in Hom (Joh. 10:38). En in die eenheid betrek Hy ook sy gelowiges: Ek in die Vader en julle in My en Ek in julle (14:20). Maar dan is hulle ook in "Ons" (17:21); en ons, gelowiges, in die Waaragtige, die Seun (1 Johannes 5:20).

In hierdie drieledige eenheid is *liefde* die verbinding (Johannes 17:26). En by die liefde behoort gehoorsaamheid. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword (1 Johannes 2:5, 6); hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom (3:24).

Liefde en gehoorsaamheid — dit het Jesus ook gesê in sy rede oor die wynstok!

Saam met Christus

DIE eenheid met Christus, die inlywing in Hom deur die geloof, beteken nog meer as wat met die woorde "in Christus" uitgedruk kan word. Ons lees telkens in die Nuwe Testament dat ons saam *met* Christus is in wat met Hom gebeur.

In Galasiërs 2:20 lees ons dat Paulus sê: Ek is met Christus gekruisig. Ons weet dat saam met Christus op Golgota twee ander gekruisig is (Johannes 19:32). Dit word daar vermeld met dieselfde woorde wat ook in Galasiërs 2:20 gebruik word.

Tog kan hierdie twee uitsprake nie op dieselfde wyse verklaar word nie. Die van Paulus het 'n besondere, meer as net letterlike betekenis. So is dit ook met Romeine 6:8: "As ons dan saam met Christus gesterf het." Hierdie woorde beteken iets anders as die van Thomas: "Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe" in Johannes 11:16 en as die van Petrus in Markus 14:31: "A1 moes ek saam met U sterwe."

Die woorde "saam met Christus gekruisig word" en "saam met Hom sterwe" moet verklaar word in verband met ander uitdrukkings oor ons deelgenootskap aan gebeurtenisse met Christus.

Ons tref die volgende reeks aan:

saam met Christus gekruisig word (Romeine 6:6; Galasiërs 2:20)

saam met Christus sterf (Romeine 6:8; Kolossense 2:20; Timotheüs 2:11).

saam met Hom ly (Romeine 8: 17; Filippense 3:10).

saam met Hom begrawe word (Kolossense 2:12)

saam opgewek (Kolossense 2:12).

saam met Christus lewend gemaak (Efesiërs 2:5, 6; Kolossense 2:12, 13).

saam lewe met Christus (Romeine 6:8; 2 Timotheüs 2:11, 1 Thessalonicense 5:10).

saam sit in die hemele (Efesiërs 2:6).

saam met Hom verheerlik word (Romeine 8:17).

saam met Hom regeer (2 Timotheüs 2:12).

saam met Hom gebring word (1 Thessalonicense 4: 14).

In Christus ingelyf, beteken dus dat ons alles wat ons doen — lewe en sterwe — doen in Hom, in Christus, in die Here. Dit beteken ook dat ons in Christus se hele lewensgang saam met Hom is.

Die reeks waarin Paulus dit vir ons beskryf, begin met "saam met Hom gekruisig".

Hóé is Paulus saam met Christus gekruisig?

En hóé is die gelowiges almal saam met Christus gekruisig?

Want Paulus praat mos in die hele reeks nie net oor homself nie maar oor *ons,* dit is die gelowiges.

Eintlik vind ons die woorde "saam met Christus gekruisig word" tog maar 'n vreemde uitdrukking. Wel het ons dit al dikwels in die kerk gehoor, en in die Skrif gelees. Maar: Hoe moet ons dit verstaan?

Tog is dit blykbaar geen vreemde saak nie, want Paulus skryf in Romeine 6:6: *Aangesien ons dit weet* dat ons oue mens saam gekruisig is . . .

Die gelowiges wat in Rome is, weet dus!

Maar hoe weet hulle dan?

Omdat hulle gedoop is!

Dit het Paulus reeds in vers 3 gesê: Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Ons word gedoop in Christus Jesus. Ons kom deur die doop in 'n baie noue verband met Christus Jesus. Die doop, deur onderdompeling, was 'n teken daarvan. Hierdie noue verband met Christus kom egter nie deur die doop tot stand nie. Dit kom tot stand deur die werking van God en sy Heilige Gees, wat deur ons erken word en aanvaar word deur die geloof. Die teken daarvan is die doop.

Geloof en doop behoort bymekaar. Die doop het 'n duidelike sigbare taal gepraat en was vir die dopeling 'n teken en seël van 'n groot lewensverandering, van lewensvernuwing.

Wie hom laat doop, breek met sy verlede, met 'n sondige verlede en gaan oor in 'n nuwe lewenswyse. Daardie breuk met die verlede noem Paulus "in sy dood gedoop word" en die oorgang na die nuwe lewenstand noem hy "in 'n nuwe lewe wandel".

Paulus trek die lyn van "dood" deur na "begrawing". Hy sê: Ons is dus saam met Hom begrawe. Hierdie dood en begrawing het betrekking op ons oue mens. Dit is ons oue mens wat saam met Christus gekruisig is! Dit is alreeds 'n antwoord op ons vraag hoe ons saam met Christus gekruisig kan word.

Dit geskied met betrekking tot ons oue mens sodat (vers 7) die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word. Die liggaam van die sonde — ons sondeliggaam — is nie ons stoflike liggaam nie. Daaraan verander niks nie. Maar dit is iets geesteliks — iets boos-geesteliks — die heersende sonde in ons, soos dit beskryf word in die verse 13 en 14: die diensbaarstelling van onsself aan die sonde.

Die dood van die oue mens in ons is dus 'n geestelik-sedelike saak. Dat die oue mens in ons gekruisig en die sondeliggaam vernietig word, is dus nié 'n teniet-making van ons hele bestaan, van ons lewe nie. Dit beteken dat ons nie meer die sonde dien nie.

Dit is trouens 'n voortgaande saak, iets wat tydens ons lewe op aarde as gelowiges voortduur, soos blyk uit Efesiërs 4:22: dat julle wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding tenietgaan. Want hiermee gepaard gaan 'n beklee-word met die nuwe mens wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. Ons is immers saam met Hom begrawe deur die doop in die dood sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

Wie só vir die sonde gesterf het, laat hom nie meer lei deur allerhande wêreldse prinsipes nie — deur "die eerste beginsels van die wêreld" soos wat Paulus dit in Kolossense 2:20 noem, waarby hy die stellings van die dwaalleraars in Kolosse op die oog het.

Paulus redeneer dus vanaf kruis voort na dood en begrawing. En hierin is ons, gelowiges, saam met Christus. Daartoe het God sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees gestuur (Romeine 8:3). Self was die Seun van God, ook in die menslike natuur, sonder sonde. Hy het egter in ons sondige bestaan ingekom. Hy het ons sonde geword: Hy het ons sonde in Sy liggaam op die kruishout gedra soos dit in 1 Petrus 2:24 staan, Want God het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak — deur toerekening! — sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom (2 Korinthiërs 5:21).

Christus kom in ons sondige vlees en ons oue mens word in sy vlees veroordeel (Romeine 8:3). Dit is die liefde van God om sy Seun daarvoor te gee.

Maar wat word dan van die Seun? Die Seun wat oorgegee is aan vloek en dood weens ons sondes?

Hy is uit die dode opgewek deur die heerlikheid van die Vader (Romeine 6:4)! Dit is die heerlikheid van die Vader dat Hy sterker is as die dood en so die verlossingsplan kon uitvoer. Sy mag is sy heerlikheid.

Dit is God se verlossingsplan!

Want soos ons met Christus saamgegroei is, met Hom een plant is, deur die gelykvormigheid aan sy dood, so sal ons dit ook wees deur die gelykvormigheid aan sy opstanding. Dit is ons nuwe lewe. Daarmee kom ons saam met Christus uit die dood in die lewe. Daarin lê ons die oue mens met sy werke af (Kolossense 3:9). Die Heidelbergse Kategismus noem dit die ware bekering: die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe mens. Daarin ken ons Christus in die krag van sy opstanding (Filippense 3:10). So gaan ons ook met Christus saam in die weg van sy verhoging.

Paulus trek die lyn van "saam met Hom opgewek" deur na: saam met Hom lewe, saam sit in die hemele (Efesiërs 2:6). Daar is mos ons burgerskap (Filippense 3:20). Verder na "saam met Hom gebring word" (1 Thessalonicense 4:14) naamlik by die wederkoms van Christus in heerlikheid. En voorts: saam met Hom verheerlik word (Romeine 8:17) en met Hom regeer (2 Timotheüs2: 12).

Die gelowiges het dus deel aan Christus se heilswerk, sowel in lyde as in heerlikheid. Hulle is saam met Hom in sy dood en in sy opstanding.

Die eenheid met Christus is 'n diepsinnige saak.

Ons het reeds opgemerk dat om saam met Hom gekruisig te wees, iets ander is as wat die kwaaddoeners ervaar het toe hulle tegelykertyd met Jesus op Golgota aan 'n kruis gehang het. En om saam met Christus te sterf, is iets anders as wat Thomas bereid was om te doen.

Maar dit is ook iets anders as wat Paulus ná die dood verwag: om saam met Christus te wees (Filippense 1:23), om altyd by die Here te wees (1 Thessalonicense 4:17). Want dit was toekoms vir hom. Maar in sy betoog oor ons eenheid met Christus is om "saam met Hom gekruisig" te wees en om "saam met Hom te lewe" 'n voldonge feit.

Dit is ten slotte 'n heilswerk wat God tot stand bring deur sy Gees, wat ons ervaar deur die geloof en wat nie verstandelik verklaar kan word nie.

Godgeleerdes het die eenheid met Christus die *mistieke unie* genoem. Dan moet mistiek geneem word in die sin soos ons dit op bladsy 18 en verder uiteengesit het.

Jesus self het gesê: En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek (Johannes 12:32). Oor sy "verhoging" het Jesus reeds met Nikodemus gepraat (3:14). Hy *moet* verhoog word, soos die koperslang in die woestyn (Numeri 21:9). Hy sê dit met die oog op sy kruisdood, soos blyk uit 8:28 ("wanneer julle die Seun van die mens verhoog het") en 12:33. Maar die verhoging lei tot 'n ánder verhoging in heerlikheid. In die verhouding is Hy nie alleen nie, maar trek Hy almal na Hom toe om daaraan deel te hê. "Almal", dit is: almal wat die Vader My gee, en daarvan mag Hy nie verloor nie (Johannes 6:37- 39). Die mistieke unie is van ewigheid af deur God bepaal en kom tot stand deur die Heilige Gees wat in Christus en in ons woon. Die mistieke unie is 'n verborgenheid van die geloof.

Adam en Christus

DIE Nuwe Testament praat baie kere oor ons eenheid met Christus en sê dan dat ons in Hom is en saam met Hom sy lewensloop deurmaak. In die voorafgaande bespreking het ons dit duidelik gesien. Ook kan ons die eenheid met Christus ervaar in ons geloofslewe en bewys in ons daaglikse bekering of heiligmaking.

Ondanks dit alles bly die eenheid met Christus 'n verborgenheid van die geloof — 'n mistieke saak.

Ons kan nou probeer of ons omtrent die aard en wese daarvan nog iets kan vasstel. Ons doen dit met die vergelyking wat Paulus maak tussen Adam en Christus.

Paulus maak hierdie vergelyking in sy brief aan die Romeine en in die aan die Korinthiërs.

In sy vergelyking merk hy sowel ooreenkomstigheid op as verskil.

Die ooreenkomste is dat by altwee diep-ingrypende en wyd-strekkende gevolge voortvloei uit dit wat een mens doen.

Diep-ingrypend: Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom, en deur die sonde die dood.

Wyd-strekkend: Die dood het tot alle mense deurgedring (Romeine 5:12).

Paulus doel hier op Adam, soos blyk uit vers 14 waar hy oor die oortreding van Adam praat. Hy begin sy sin met *soos.* Hiermee lei hy die vergelyking in tussen Adam en . . . wie? Dit sê hy nog nie. Sy sin word nie voltooi nie!

Daar borrel te veel gedagtes by hom op. Wel sê hy na 'n lang uitweiding dat Adam voorbeeld, tipe, was — tipe van 'n ander een, natuurlik. Die is dan die "anti-tipe" en dus die vernaamste van die twee. Paulus dui hom aan met die woorde "Hom wat sou kom" (vers 14).

Dit is blykens vers 15 Jesus Christus.

Adam is dus voorbeeld van Christus, en Christus is diegene wat voorafgebeeld, getipeer word en gevolglik die vernaamste is. Paulus bedoel dus: Soos dit met Adam is, so is dit ook met Christus. In vers 15 en 17 noem hy Hom "die een mens, Jesus Christus" en "die Eén, Jesus Christus".

Die eintlike vergelyking is een met 'n ander een. Dit is ook die geval met wat hulle doen: Net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Eén baie tot regverdiges gestel word (vers. 18, 19).

Daar is egter ook verskilpunte. Die genade is oorvloediger in sy werking as die misdaad (vers 15 en 16). Maar daaroor gaan dit nie nou nie. Dit gaan om 'n verdere verklaring van die mistieke unie, van die eenheid van die gelowiges met Christus.

Nou is dit ten opsigte van Christus net soos dit is ten opsigte van Adam. Maar die ooreenstemmigheid waarop Paulus wys, gaan net oor die féit van verbondenheid met Adam. Dit beantwoord nie die vraag *hoe,* op watter manier, die baie wat deur die misdaad van één gesterf het, aan Adam verbonde was nie.

Ons kry ook nie verdere inligting oor hierdie vraag in 1 Korinthiërs 15:45 - 49 nie. Daar word gesê dat die eerste mens Adam anders is as die laaste Adam en word die vergelyking dus eintlik 'n teenstelling.

Die enigste uitspraak wat iets sê omtrent hierdie vraag is vers 22 van dieselfde hoofstuk:

Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal — naamlik: die wat aan Christus behoort, hulle almal! (vers 23) — in Christus lewend gemaak word.

In Adam sterwe! Hoe kan Paulus dit bedoel? Hy het mos in 1 Thessalonicense 4:16 gesê dat ons in Christus sterf!

Sekerlik, maar daar het hy die gelowiges bedoel. As hy egter nou sê dat almal in Adam sterf, bedoel hy die sonde en die gevolge daarvan — afgesien van die redding en versoening deur God se genade. In daardie verband het hy mos in Romeine 5:12 gesê dat die dood tot alle mense deurgedring het. Hulle sterf almal, naamlik in Adam.

Hier kry ons dus twee gelyksoortige uitdrukkings langs mekaar: In Adam sterwe en in Christus sterwe.

Maar kan "in Adam sterwe" op dieselfde wyse verklaar word as "in Christus sterwe"? Indien wel, dan kry ons in die antwoord op die vraag "hoe is mens in Adam?" tegelykertyd antwoord op die vraag *hoe* dat ons in Christus is.

Hierdie twee uitdrukkings met "in" kan egter *nie* op dieselfde wyse verklaar word nie!

Hoe is ons in Adam?

Hierdie vraag bring ons by die leer van die erfsonde: Hoe is ons, volgens die leer, *in Adam?*

Op hierdie vraag word twee antwoorde gegee. Ten eerste dat daar 'n fisiese verband tussen Adam en sy nakomelinge is. Alle mense is — om 'n uitdrukking uit Hebreërs 7:10 in verband met Levi en Abraham oor te neem — "in die lendene" van hulle vader Adam.

Maar so 'n verband kan nie op Christus en sy gelowiges van toepassing wees nie. Ons is nie "in die lendene" van Christus nie. Ons is nie uit Hom gebore nie. Ons is uit God gebore, sê 1 Johannes 3:9. Tussen ons en Christus is daar geen fisiese unie nie, maar 'n mistieke unie.

Ten tweede sê die erfsondeleer dat Adam hoof was van die werkverbond, waarin weer al sy nakomelinge begrepe is. So 'n verhouding bestaan daar ook tussen Christus en ons: Hy is die Middelaar van die genadeverbond — die Hoof daarvan — en ons die bondelinge. Maar waarom? Nie weens geboorte nie!

Die antwoord is: Soos Hy —dit is: God — ons in Hom (Christus) uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees (Efesiërs 1:4).

Daarin lê die wese van die eenheid van Christus en die gelowiges. En dit bly 'n verborgenheid, wat deur die vergelyking wat Paulus tussen Adam en Christus maak, nie opgelos word nie.

Die eenheid met Christus is *anders* as die eenheid met Adam. Dit is, soos Paulus verder sê (vers 5), om ons as sy kinders vir Homself aan te neem, deur Jesus Christus. En as kinders van God word ons deur die Gees van God gelei en ontvang ons die Gees van aanneming tot kinders (Rom. 8:14, 15). Die Gees roep (Gal. 4:6) en ons roep deur Hom (Rom. 8:14): "Abba Vader!" In hierdie uitroep kom die mistieke unie tot sy innigste uitdrukking.

Die Samaritaanse vrou

OP die gesprek van Jesus met Nikodemus in Johannes 3 volg die met die Samaritaanse vrou in hoofstuk 4.

Ook met haar praat Jesus oor die verborgenhede van die Koninkryk. Met Nikodemus het Hy dit gehad oor die gebore-word uit water en Gees. Met die Samaritaanse vrou praat Hy oor die lewende water wat die ewige lewe gee (vers 14).

Daar is egter 'n groot verskil tussen hierdie twee ontmoetings van Jesus.

Die een met 'n man — 'n vername en geleerde man.

Die ander met 'n vrou — 'n geestige en spontane vrou.

Die een in die nag — die ander helder oordag.

Die een gesprek is deur Nikodemus uitgelok, terwyl die met die vrou deur Jésus uitgelok is.

Die een was swaarwigtig, met 'n trae resultaat (en die wás daar: Eers toe Jesus dood is) — en die ander lewendig, met 'n vinnige resultaat.

Die Samaritaanse vrou verstaan nie mooi wat Jesus bedoel met die lewende water wat Hy vir haar wil gee nie. Sy dink aan stromende water waaraan sowel by huishoudelike gebruik as by godsdienstige reiniginge die voorkeur gegee word. Boonop het sy geen besondere hoë dunk van die man, die Jood, wat hier met haar praat nie. Sy sê: U is mos nie groter as ons vader Jakob nie?

Jesus sê dat sy twee dinge nie weet nie.

Ten eerste ken sy nie die gawe van God nie, en ten tweede weet sy nie wie Hy is wat met haar praat nie. Altwee dinge sal Hy vir haar leer.

Eerstens "die gawe van God." Jesus doen dit met die beeld van water. Dit pas by die plek waar hulle praat. Hy sê: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry, maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie. Maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.

Op bedekte wyse praat Jesus hier oor die laafnis wat Hy bied aan 'n mensheid wat alles kortkom. So kan ons mos die mense se toestand tipeer: hulle het dors. Jesaja het dit reeds raak gesien: 0 almal wat dors het, kom na die waters! En wat bied hy? Die bestendige genadebewyse van Dawid. Op 'n huttefees het Jesus later uitgeroep: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink. Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: Strome van die lewende water sal uit sy binnenste vloei.

Hier sê Hy egter dieselfde reeds vir die Samaritaanse vrou. Die "dors van die mensheid" is die samevatting van sy onvoldaanheid in alle opsigte.

Dit was egter nie altyd so gewees nie. In die hof van Eden, in die staat van regtheid, het die mens alles gehad. Dit is dan ook God se heilsbedoeling dat elkeen gelukkig moet wees. Miga skilder daardie geluk aan die volk met die woorde: om te sit, elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, en vrede is daarby!

Daardie geluk is egter verbeur deur die afval van God. Gevolglik voel die mens nou altyd 'n gemis. Daar skort altyd iets — aan ons posisie, mag, gesondheid en aan besit. En al het jy besit, mis jy die genot daarvan. So het die prediker die lewe geteken soos dit lyk sonder God se genade (6:1, 2): Daar is gemis aan blydskap, aan liefde, aan geluk. Altyd kyk die mens vorentoe na iets anders, iets mooiers en iets beters. Dit knaag aan sy lewe.

Jesus noem hierdie leemte *dors* — 'n dors wat nooit vir goed geles kan word nie as net deur die water wat Hy gee. Want hierdie water word in die mens — in sy binnenste — 'n fontein wat opspring tot die ewige lewe. Sy heil gee bevrediging. Wie daardie water drink, kry in ewigheid nooit weer dors nie, maar hy leef ewig in voldaanheid en geluk.

Dit is die lewe wat Jesus gee ná die versoening van die sondes.

Die vrou verstaan egter nie wat Jesus bedoel nie — net so min as wat Nikodemus dit verstaan het. Dit blyk uit haar antwoord: Here, gee my daardie water *sodat ek nie hier hoef te kom skep nie*. Sy hou aan dink aan haar huishoudelike watervoorsiening. Die gedagte aan water wat ewig lewe gee, raak haar nie. Aan die verborgenheid van Jesus se heilsbelofte kyk sy — voorlopig — verby.

Jesus laat dit so. Hy gee nou 'n draai aan die gesprek wat daarop uitloop dat Hy homself aan haar bekend stel.

Hy begin eers oor háár lewe praat. Hy sê sy moet haar man gaan roep. Daarmee raak Hy aan 'n baie teer saak. Die vrou antwoord kort: Ek het nie 'n man nie. Met hierdie antwoord wil sy voorgee dat sy haarself van mans weghou en dat daar op hierdie punt verder niks met haar te bespreek is nie.

Maar nou het sy buiten die waard gereken! En die "waard" is mooi hierdie Man wat nou met haar praat. Hy wéét wat sy nie wil vertel nie. Taktvol sê Hy: Jy het reg gesê: Ek het nie 'n man nie, want jy het vyf mans gehad, en die een wat jy nou het is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê. Sy leef dus blykbaar saam met 'n man op 'n manier wat volgens Israel se wet en sedes ongeoorloofd was.

Jesus lê in hierdie paar woorde die vrou se hele lewensloop bloot. Dat sy dit wil verswyg, help haar niks nie. Dit bewys net haar skuldgevoel. Maar vir Jesus kan mens niks toehou nie.

Vyf mans gehad! Is hulle almal dood? Of het hulle haar laat staan? Of het sy vir hulle laat staan? Dit sê Jesus nie. Die vrou weet self alte goed. Ons, Bybellesers, weet egter nie. Al wat ons hieruit kan opmaak, is 'n indruk van haar karakter: lughartig, wispelturig en wulps.

Dit moes vir die vrou 'n skokkende ervaring gewees het om te hoor dat die vreemde man by die fontein alles van haar weet. Maar sy is gou oor die skok. Heel handig gee sy nou 'n ander draai aan die gesprek. Sy sê: Here, ek sien dat U 'n profeet is.

In hierdie woorde lê 'n stilswyende erkenning dat Jesus reg was. Maar daaroor praat sy nie. Sy sit vir Jesus in die middelpunt van die gesprek: U is 'n profeet!

'n Profeet — dit is vir die vrou die voorstelling van 'n vooraanstaande man, van 'n leier en leraar. In haar denke speel 'n profeet 'n besondere rol. Die Samaritane het naamlik ook 'n Messiasverwagting gehad. En hulle voorstelling van die Messias was dat hy 'n *profeet* is. Dit lees hulle in Deuteronomium 18:18. Die vyf boeke van Moses is die Samaritaanse Bybel. Dis al wat hulle aanvaar. Daarin nou lees hulle: 'n Profeet sal Ek vir julle verwek uit die midde van julle broers . . .

'n Profeet! Nou ja, die vrou weet ook hóé om met 'n profeet te praat! Sy sny 'n godsdienstige onderwerp aan. Omdat sy in hierdie man by die fontein 'n profeet sien, kom sy met 'n vraag oor 'n ou geskilpunt tussen die Jode en die Samaritane. Dit gaan oor die plek van aanbidding. Die Jode sê dit is Jerusalem, maar die Samaritane reken dit is op die Gerisim, aan die voet waarvan die Jakobsbron lê.

Jesus gaan ernstig op die kwessie in. Nie op die plék van aanbidding nie. Maar op die aanbidding self. Glo My, vrou, sê Hy, daar kom 'n tyd wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie.

Die plék van aanbidding is maar 'n tydelike saak. Tog eis God die Vader aanbidding. Aanbidding moet daar wees! Net, dit moet wáre aanbidding wees. Julle — so sê Hy vir die vrou — aanbid wat julle nie weet nie; sonder om te weet wat julle aanbid.

Hulle aanbidding is dus hol en leeg! Hulle aanvaar mos net die vyf boeke van Moses en nie die ryk profetiese openbaring wat God óók gegee het nie. In teenstelling met die Samaritane aanbid die Jode wat hulle uit die openbaring weet. In hierdie opsig staan die Samaritane dus agter by die Jode! Want die saligheid, die redding, die heil is uit die Jode.

Dit is 'n harde woord vir die Samaritaanse vrou. Die Samaritane, so sê die Jood hier by die fontein vir haar, is verkeerd. Nie omdat hulle op die Gerisim aanbid nie, maar omdat hulle die kern van die saak mis. Hulle aanbid, maar sonder om te weet wat.

Daar kom 'n uur, en dit is nou — die tyd het aangebreek — dat die ware aanbidders die Vader in gees en in waarheid sal aanbid, soos die Vader dit wel hê.

"In gees". Dit is die teenstelling met die sigbare, tasbare, stoflike vorme van die Ou-Testamentiese erediens met sy baie voorskrifte oor tye en plekke. Petrus skryf aan die gelowiges, "die lewende stene van 'n geestelike huis", dat hulle *geestelike* offers moet bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus (1 Petr. 2:5).

"In waarheid". Dit wil sê: in werklikheid, nie skaduweeagtig nie. Want die wet — wat net 'n skaduwee van die toekomstige weldade het en nie die beeld van die dinge self nie, nie die gestalte self nie — kan nooit tot volmaaktheid lei nie (Hebreërs 10:1).

Die ware aanbidding, sê Jesus, tree nou in. En dit is nodig. God soek dit, want Hy is 'n gees. En die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Jesus praat hier oor diep geestelike sake, en dit nogal met so 'n vrou!

En wat antwoord sy?

Sy is blykbaar taamlik beïndruk deur Jesus se woorde, maar tog is hierdie man nie vir haar gesaghebbend nie. Sy het 'n ander gesaghebbende. Van Hom sê sy: Ek weet dat die Messias kom. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig. Van Hom sal ons al die dinge verneem.

En dan sê Jesus: Dit is Ek wat met jou spreek! Met hierdie woorde stel Jesus Homself reguit aan haar bekend!

Maar daar keer die dissipels terug en word die gesprek afgebreek.

Hierdie openhartigheid van Jesus is darem verbasingwekkend. Hoe dikwels het Hy nie beveel "om dit aan niemand te vertel nie". In Lukas 9:21 en 5:14, Mattheus 8:4 en in Markus 1:44, 5:43, 7:36, 8:30 en 9:9. En hier vir die Samaritaanse vrou se Hy reguit dat Hy die Messias is!

Hoe kan mens dit verklaar?

Dit hang af van die gesindheid van die mense. In die vrou sien Jesus blykbaar iets van die geloof, en dit wil Hy aanhelp. En dit was nie tevergeefs nie!

Die vrou gaan terug stad toe.

Sy is vol gedagtes en vergeet mooi haar waterkan!

Het sy regtig die Christus ontmoet, die Profeet wat alles weet? so vra sy haarself af. As dit so is, mag sy nie stilbly daaroor nie. Sy moet dit met haar stadgenote bespreek. Haar bewys is dat die man by die fontein alles vertel het wat sy gedoen het. Dit was vir hulle die kenmerk van die Messias. Sy voer hierdie bewys dan ook aan: Kom kyk 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het.

Dit was vir hierdie vrou seker 'n offer om hierdie bewyse te noem. Want die dinge wat sy gedoen het, was darem nie so lofwaardig nie. Haar stadgenote het haar goed geken! Maar ewe vrymoedig roep sy haar verlede weer in herinnering. Hieraan sien ons hoe maklik sy lewe! Heel spontaan praat sy oor haar verlede om die mense te oortuig. En die resultaat! Baie van die Samaritane uit daardie stad het in Hom geglo oor die woord van die vrou wat getuig het: Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.

Die nuwe gelowiges het by Jesus aangedring om by hulle te bly. Hy het dit toe twee dae lank gedoen. En baie meer het op grond van sy woord geglo en vir die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het sélf gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker, die Redder van die wêreld is.

So tree die vrou op die agtergrond. Sy het 'n groot verborgenheid ontdek en dit blymoedig deurgegee: dat Jesus die Christus is!

Nikodemus het langer werk gehad om so ver te kom!

Nikodemus en die Samaritaanse vrou — twee verskillende karakters! Altwee kom tot geloof, maar hoe verskillend hanteer hulle die verborgenheid van die geloof nie!

Nikodemus het diepsinnige vrae gestel en natuurlik-verstandelike weerleggings na vore gebring. Die Samaritaanse vrou het ewe spontaan die nuwe, oorweldigende waarheid aanvaar. Elkeen volgens sy geaardheid, maar altwee het resultaat gehad. Altwee maniere het rede van bestaan.

Ons kan ook op beide maniere die verborgenhede van die koninkryk aanvaar. Ons kan ons daarin verdiep soos wat ons in die vorige hoofstukke gedoen het. Daar het ons die pad van Nikodemus geloop, aan die hand van Paulus. Geleerde manne doen dinge nou eenmaal anders as vluggeestige vroue. In hulle manier skuil dan iets kinderliks, en hou Jesus daarvan!

Ons kan ook die pad van die Samaritaanse vrou loop! Dit is om aan te neem wat aan ons verkondig word, al gaan dit ons verstand te bowe.

Hoe sou die diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God ooit nie ons verstand te bowe gaan nie? Maar dit word aan ons vrygewig deur God gepreek. En ons neem dit aan. Christus is aan ons gegee en ons drink Hom as lewende water waardeur ons ewig leef.

Christus, vir Wie ons nie sien nie maar tog liefhet — in Wie ons, al sien ons Hom nie, tog glo en ons verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap (1 Petrus 1:8).

Die mistieke unie in die formuliere van enigheid

IN ons belydenisskrifte, die Nederlandse Geloofsbelydenis ofte wel die XXXVII Artikels, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls ofte wel Die Vyf Artikels teen die Remonstrante — aldrie tesame "Die Formuliere van Enigheid" genoem — word klaar en duidelik getuig van die verlossing van sondaars deur die soenoffer van Jesus Christus, ons Heiland.

Aldrie maak ook melding van ons spesifieke onderwerp: die eenheid van Christus met sy gelowiges: die mistieke unie. Aldrie doen dit egter nie met eweveel nadruk nie.

So noem artikel XXVIII van die Nederlandse Geloofsbelydenis die gelowiges "lede van dieselfde liggaam", die algemene Christelike kerk waarvan Christus die Hoof is. In die Dordtse Leerreëls (II, 9) weer, word gesê dat die uitverkorenes Christus standvastig moet bemin as hulle Saligmaker wat *as 'n bruidegom vir sy bruid* sy lewe aan die kruis vir hulle gegee het. Hier word dit nog vergelykenderwys gesê, maar in V, 15 word die gelowiges reguit die Bruid van Christus genoem. Dit is heeltemal ooreenkomstig die Skrif. Die gemeente is sy reine maagd, sê 2 Korinthiërs 11: 2. En die bruid is die vrou van die Lam, volgens Openbaring 21:9. Man en vrou sal een vlees wees. Dit is 'n groot verborgenheid, sê Paulus — veral as hy dink aan Christus en die gemeente (Efesiërs 5:31, 32). Die benaming "Bruid van Christus" is dus 'n innige uitdrukking van die eenheid van Christus met sy gemeente.

Van besondere belang is die uitdrukking in die Nederlandse Geloofsbelydenis wat sê dat diégene verlos word wat God uitverkies het *in Jesus Christus, onse Here* (artikel XVI) en in die Dordtse Leerreëls, wat ook sê dat God voor die grondlegging van die wêreld 'n sekere menigte van mense ... in Christus uitverkies het. En dat Hy Christus ook van ewigheid af tot 'n Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot 'n fondament van die saligheid gestel het (1,7). In dieselfde artikel word ook gesê dat die uitverkorenes *in die gemeenskap van sy Seun* kragtiglik bewaar word. En in III, IV, 10 word weer gepraat oor hulle wat deur God as sy eiendom van ewigheid *in Christus* uitverkore is.

Die uitverkiesing geskied dus in Christus soos dit ook duidelik in Efesiërs 1: 4 gesê word: soos Hy (God) ons in Hom (Christus) uitverkies het. Die voorwerp van die uitverkiesing is nie 'n aantal los persone nie, maar mense in Christus. Christus Self is ook deur God verkies. Hy, die kneg van die Here, word in Jesaja 42:1 *my Uitverkorene* en 43:10 my kneg wat *Ek uitverkies het,* genoem. Hierdie benaming word in Mattheüs 12:18 nadruklik op Christus toegepas. Die spotters by die kruis noem Jesus volgens Lukas 23:35 ook so. In die volksmond was "Christus" en "Uitverkorene" blykbaar op grond van die genoemde uitsprake van Jesaja, verwante begrippe. Petrus noem hom die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore (I, 2:4) en vooruit geken voor die grondlegging van die wêreld (I, 1:20). In Hom is nou die gelowiges verkies, geken en verordineer, om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.

Christus en sy broeders (Mattheüs 28:10) — dit is 'n eenheid. Só is Christus saam met sy gelowiges, ons kan sê: die "Christus misticus", die voorwerp van die verkiesing as een organiese geheel. Daar, in die verkiesing, lê dus, voor die grondlegging van die wêreld, die begin en oorsaak van die mistieke unie.

Tereg praat die Dordtse Leerreëls (III, IV, 7) dan ook van "die verborgenheid van sy wil", en dit op grond van Efesiërs 1:9.

Die mistieke unie kom ook aan die orde in artikel XXXV van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat oor die Heilige Nagmaal gaan. Ons sal dit behandel as ons by

Johannes 6 uitkom.

Die meeste nadruk op die mistieke unie tref ons aan in die Heidelbergse Kategismus. Dit is die geskrif waardeur ons met die naam "inlywing" bekend is.

Die uitdrukking "ingelyf" uit Sondag 7 kom nog een keer voor in antwoord 80. In Sondag 7 lees ons *"deur 'n ware geloof* ingelyf"; in antwoord 80 *"deur die Heilige Gees* ingelyf word".

Dit is twee aspekte van die ontstaan van die mistieke unie. By die laaste is ons passief, by die eerste aktief — hoewel, ook die geloof is 'n werking van die Heilige Gees. Antwoord 64 gebruik die verwante term "in Christus deur die 'n waaragtige geloof *ingeplant"*. Hierdie woord berus op Romeine 6:5: "ééne plant met hem" (Statevertaling) — in Afrikaans: "saamgegroei". Meermale noem die Kategismus die gelowiges "lede": antwoord 85: "lede van Christus en sy gemeente", antwoord 55: "die gelowiges almal saam en elkeen afsonderlik" wat "as lede aan die Here Christus en al sy skatte en gawes gemeenskap het" en antwoord 70: "deur die Heilige Gees vernuut en geheilig te wees tot lede van Christus".

Verder sê die Kategismus ook dat Christus ons Hoof is: in antwoord 49 dat Christus as die Hoof ons lede tot Hom sal neem, en in antwoord 57: dat elke gelowige, "my siel", Christus as sy Hoof het.

Vervolgens noem die Kategismus ook ons deelgenootskap aan dit wat met Christus gebeur het: in antwoord 43: Dat deur sy krag ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, en in antwoord 32: . . . Ook sal elke gelowige as lid van Christus hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele regeer.

Ten slotte kom die mistieke unie ook aan die orde in Sondag 28 — 30 oor die Heilige Nagmaal wat ons later sal behandel.

Die doop en die mistieke unie

OOK die doop het 'n plek in die eenheid van Christus met sy gelowiges. Ons belydenisskrifte noem dit egter nie uitdruklik nie.

Antwoord 70 gebruik die uitdrukking "lede van Christus". Maar in die formulier om die Heilige Doop aan die volwassenes te bedien, word wel uitdruklik na die mistieke unie verwys soos trouens in altwee die formuliere gedoen word.

Ons noem die volgende vier uitsprake: O Die Seun verseël aan ons dat Hy . . . ons in die

gemeenskap van sy dood en van sy wederopstanding inlyf .... Hierdie woorde is gegrond op Romeine 6:6: Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur die aan sy opstanding. Paulus sê hier dat die gelowiges nie in die sonde mag en kan bly nie. Hulle weet mos — uit die evangelieprediking, uit die uiteensetting van die heilswaarheid — dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is (dit wil sê: in gemeenskap met Christus Jesus geplaas is) en in sy dood gedoop is (dit wil sê: gemeenskap het aan sy dood) deel het aan sy dood.

Paulus gaan nog 'n stap verder: Ons, gedooptes in sy dood, is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood. Maar dit is nie die einde nie. Dit het 'n doel: sodat ons ook, net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die *gelykvormigheid* aan sy dood, sal ons dit ook wees deur die aan sy opstanding.

Hierdie betoog van Paulus word nou in die doopsformulier saamgevat in die woorde wat ons hierbo aangehaal het: in die gemeenskap van sy dood en van sy wederopstanding inlyf. Die formulier gebruik nie die woord "gelykvormigheid" nie, maar die woord "gemeenskap". Dit is die verklaring wat die opstellers van die formulier aan "gelykvormigheid" gegee het.

O Die Heilige Gees verseker ons deur hierdie heilige Sakrament, dat Hy . . . ons tot lidmate van Christus wil heilig.

<0> Dieselfde uitdrukking kom ook weer voor in die danksegging na die doopbediening: ... en ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u eniggebore Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het. Hier word seker bedoel: die eniggebore Seun in die verheerlikte menslike natuur.

O In die gebed voor die doopsbediening lees ons: . . . om met Hom deur die doop in die dood begrawe te word.

In die vorige uitsprake word dus gesê dat die *Heilige Gees* ons deur die sakrament *verseker* van die heilsweldade of dat — in die dankgebed — die aanneming tot lidmate deur *die Heilige Gees* geskied. In die vierde uitspraak staan egter dat dit *deur die doop* plaasvind. So sê Romeine 6:4 dit ook: saam met Hom begrawe *deur die doop* in die dood.

In die loop van ons bespreking van die eenheid met Christus kom ons nou by die vierde aanduiding oor die ontstaan van die eenheid: eers deur die geloof, toe deur die Heilige Gees, daarna in die verkiesing — en nou deur die doop.

Hoé doen die doop dit?

In die eerste plek moet ons sê dat dit nie net die doop is wat die gemeenskap met Christus bewerk nie. Want die gemeenskap is reeds bewerk. Maar wat in Christus aanwesig is, moet nou aan ons toegeëien word. Die doop doen dit deur betuiging en verseëling van die heilsbeloftes wat deur die gelowiges — die dopelinge — aanvaar is. Volgens 1 Korinthiërs 12:13 is die doop dan 'n inlywingshandeling tot een liggaam: ons is gedoop tot een liggaam.

Hierdie liggaam is die liggaam wat bestaan uit Christus en sy gelowiges — wat ons die "Christus mysticus" kan noem.

In hierdie opsig is die doop ten nouste verbind met die geloof waardeur ons die heil aanvaar. Hierdie geloof is voorwaarde vir die doop, soos Handelinge 8:36 -38 dit vir ons leer.

Die doop is dus vir die gelowiges en dit verseël hulle eenheid met Christus. Dit is egter geen onmisbare voorwaarde vir die heilsbesit nie. Die geloof is dit egter wel, soos Markus 16:16 dit duidelik stel. Daar kan selfs omstandighede wees waardeur die doop nie toegepas kan word nie.

"In Wie julle ook besny is"

DIE doopsformulier sê dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Artikel XXXIV stel dit so: Wat die besnydenis gedoen het aan die Joodse volk, doen die doop aan ons kinders.

Daar is dus 'n noue verband tussen besnydenis en doop. Hulle het dieselfde betekenis: tekens en seëls van die genadeverbond. Elkeen staan egter in sy eie bedeling van die verbond.

Hierdie ooreenkoms tussen besnydenis en doop blyk ook uit die betoog van Paulus in Kolossense 2:11 en 12 waar hy die betekenis van die besnydenis in die doop bevestig sien: Eers sê hy: "in wie — dit is: Christus — julle ook besny is", en dan: *"omdat* julle saam met Hom begrawe is in die doop", "Hulle doop beteken dus dat hulle in Christus besny is.

Volledigheidshalwe moet ons darem ook let op die verband waarin Paulus dit sê.

Daar was naamlik in Kolosse dwaalleraars wat verkondig het dat die gelowiges tot groter hoogtes kon opstyg as hulle net die reëls opvolg wat hulle — die dwaalleraars — aan hulle voorskryf. Dit was asketiese reëls soos: Raak nie, smaak nie, roer nie aan nie. Verder het hulle gereken dit is 'n nadeel vir die Kolossense dat hulle nie besny was nie. Hierdie dwaalleraars was dus duidelik Jóódse dwaalleraars gewees.

Hierteen tree Paulus nou op. Die gemeente van Kolosse hoef nie hoër te styg nie. Hulle kán trouens nie, want hulle is 'n gemeente in Christus Jesus, en in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik. Dit is mos die Woord wat vlees geword het en in die vlees behou Jesus sy Goddelike eienskappe. In Hom besit die gemeente die "volheid". Askese kan aan die volheid niks toevoeg nie. Hulle is volmaak in Christus — in wie hulle ook besny is. Derhalwe mis hulle ook nie die besnydenis nie. Hulle is besny met 'n besnydenis wat nie met hande verig word nie. Hierdie is nie die besnydenis wat op die agste dag aan seuntjies verrig word nie, maar die van die aflegging van die sondige vlees — van die oue mens (Efesiërs 4:22).

Paulus verwys dus na die eintlike betekenis van die besnydenis. Die wet wat die besnydenis voorskryf (Lev. 12:8) stel dit ook so: Besny dan die voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie (Deuteronomium 10:16). Ook Jeremia vermaan die volk met die woorde: Besny julle vir die Here en verwyder die onbesnedenheid van julle hart (4:4). Die besnydenis van die hart is 'n genadegawe van God, sê Deuteronomium 30:6. Die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.

Dit is egter nie elkeen wat hierdie genadegawe ontvang nie. So praat Jeremia van "almal wat besny is, wat nogtans onbesnede is". Daardie besnedenes het wel die sakrament ontvang, maar nie die *waarheid* daarvan nie, soos die Nederlandse Geloofsbelydenis dit in artikel XXXV stel.

Die gelowige Kolossense is egter in waarheid besny: in die aflegging van die oue mens. En hulle is dit in Christus, in die gemeenskap aan Hom. Paulus beklemtoon dit deur daaraan toe te voeg: in die besnydenis van Christus. Die eenheid met Christus bring te weeg dat hulle deel het aan dit wat met Christus gebeur — dus ook aan sy besnydenis!

Ook hier beteken "besnydenis van Christus" nie sy besnydenis as seuntjie op die agste dag nie — maar besnydenis in die eintlike betekenis: die aflegging van die sondige vlees. Daar moet iets weggedoen, opgeruim word: Die sonde, die sondigheid! En nou het God Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak soos 2 Korinthiërs 5:21 dit stel. Dit het Hy ondervind aan die kruis: deurboor, verbrysel! Dáár is Hy "weggedoen". Dit was die vloek van sy kruis, die vernedering van sy godverlatenheid!

Aan die kruis het Hy ons sondes in sy *liggaam* gedra (1 Petrus 2:24) om so deur sy *vlees* heen die weg na die lewe vir ons in te wy (Hebreërs 10:20). Want Hy het nie net ons sondes gedra nie — Hy het dit ook wéggedra sodat die voorhangsel kon oopgaan en ons kan toetree.

Die besnydenis verwys dus na hierdie dood aan die kruis. Dit is die eintlike besnydenis van Christus.

Die besnydenis op die agste dag was nie eintlik 'n groot operasie nie, maar wel pynlik en bloedig. Dit blyk uit die geskiedenis van Moses en Sippora in die herberg, soos dit in Exodus 4:24 - 26 vertel word.

Hierdie sakrament getuig van twee dinge. Eerstens sê dit vir die Israeliet: Jy is die dood skuldig. Die bloedige teken bewys dit. Maar tweedens: die verwonding is maar klein en nie dodelik nie. Die HERE hou op met sny, want Hy wil jou spaar. Dit is my genade.

So is die besnydenis vir elke Israeliet 'n belofte. Maar nie vir Jesus nie! Inteendeel: God spaar Hom nie. Hy gee Hom oor om die hele straf van sy toorn oor die sonde te dra. Jesus moet dus tot die dood toe besny word. En dit het aan die kruis gebeur. Dáár vind Christus se besnydenis plaas! Daarom noem artikel XXXIV van die Nederlandse geloofsbelydenis die besnydenis dan ook "die Sakrament van die lyde en sterwe van Christus".

Jesus het later hierdie betekenis van sy besnydenis-op-die-agste dag verstaan. Hy praat dikwels daaroor in die aankondigings van sy lyde. Maar dan noem Hy dit nie sy besnydenis nie, maar sy doop! "Ek het 'n doop om mee gedoop te word en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is"! sug Hy in Lukas 12:50. Daarmee gaan Hy voort vanaf die bedreiging wat daar in sy seuns-besnydenis was, na die voltrekking van daardie dreiging: sy kruisdood. En dit is sy doop.

Jesus sien dus ook verband tussen besnydenis en doop. En Hy verkondig aan sy gelowiges dat hulle aan sy doop sal deel hê: "met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word" (Mattheüs 20:23).

Dat die Kolossense "in Christus besny" is, beteken dus dieselfde as: saam met Hom ly, saam met Hom gekruisig word, saam met Hom sterf. Dit gebeur met hulle op pad na die "volheid".

En hoe kan Paulus nou sê dat hulle in Christus besny is? Omdat hulle in Christus gedoop is — en in die doop is hulle saam met Christus begrawe. Hy het dieselfde in Romeine 6:4 gesê: Ons is saam met Hom begrawe deur die doop in die dood.

Om begrawe te word, is 'n stap verder op die pad van die dood as om "besny" — dit wil sê gekruisig en gedood — te word. Wie begrawe word, is dood. Die Kolossense is gedoop — en daarom saam met Hom begrawe. Dan is hulle die besnydenis al in beginsel verby! Hulle het die liggaam van die sondige vlees, die oue mens, afgelê — maar: in beginsel, want die afsterwing van die oue mens is 'n voortgaande proses in die gelowiges se lewe.

Daar word meermale verband tussen dood en doop gelê. Tog beteken die doop meer as net die dood van die oue mens. Dit beteken ook om in dieselfde doop saam (met Christus) opgewek te word deur die geloof. Almal wat in Christus gedoop is, het nie net die oue mens uitgetrek nie maar ook die nuwe mens aangetrek — soos Paulus dit in Galasiërs 3:27 stel: Julle het julle met Christus beklee.

Die klere wat ons aantrek, vorm saam met ons liggaam een verskyning. Dit behoort by ons. So gee ampskleding te kenne wie en wat ons is. Hierdie geestelike "bekleding" is nou die "waarheid" van die doop. Enersyds is dit die werking van die Heilige Gees — en andersyds word ons aangespoor tot werksaamheid in die geloof, soos Paulus dit in Romeine 13:14 beveel: Beklee julle met die Here Jesus Christus.

Ons het reeds verskillende beelde genoem waarmee ons eenheid met Christus beskryf word. Hier tref ons weer 'n ander beeld aan: Soos wat die klere met ons een geheel met ons liggaam is, so ook is ons een met Christus.

Ons mag dus konstateer dat die uitdrukking hierbo: "in Wie julle ook besny is" behoort tot die uitsprake van Paulus, wat uitdrukking gee aan ons eenheid met Christus, aan die mistieke unie.

"My vlees eet en my bloed drink"

NIKODEMUS het die woorde van Jesus oor die wedergeboorte nie dadelik begryp nie Hy vra: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word?

Die Samaritaanse vrou het Jesus se woorde oor die water van die lewe ook nie verstaan nie. Tog het sy dadelik en spontaan in Jesus die Christus gesien.

Die derde gesprek word deur Jesus met die Jode in die sinagoge op Kapernaüm gevoer. Hulle begryp die woorde van Jesus — oor die lewende brood en dat Hy sy vlees sal gee vir die lewe van die wêreld — ook nie. Hulle het sy woorde "hard" gevind.

Hierdie drie gesprekke van Jesus vorm 'n aaneensluitende geheel: oor die *lewe* in Johannes 3, en oor die onderhoud daarvan met *water* in Johannes 4 en met *brood* in Johannes 6.

Die onderrig wat Jesus gee, vra geloof van 'n mens. Daarom het Hy die dissipels wat van Hom af weggegaan het, hulle ongeloof verwyt. Trouens, ook vir ons, gelowiges, is Jesus se woorde moeilik. Ons moet erken dat ons nie na Jesus kan kom as dit nie deur sy Vader aan ons gegee word nie.

Om te begin, wil ons 'n uitspraak aanhaal uit die Nederlandse Geloofsbelydenis: Nou het die wat wedergebore is, tweërlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hul eerste geboorte meegebring het en wat alle mense besit; die ander is geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte wat plaas vind deur die Woord van die Evangelie, in die gemeenskap van die liggaam van Christus. (Art. XXXV).

In die genoemde drie gesprekke gaan dit oor die geestelike, hemelse lewe. Jesus ontleen egter sy terme aan die liggaamlike lewe: geboorte en voedsel. Maar wat Hy bedoel, is dat Hy die ewige lewe skenk.

In vers 47 praat Hy reguit: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Maar onmiddellik daarna slaan Hy oor na beeldspraak, ja, van die een beeldspraak na die ander. Eers: Ek is die brood van die lewe (vers 48) en dan: Die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee (vers 51). Nog sterker druk Hy hom uit in die woorde: my bloed drink.

Al hierdie uitdrukkings is omskrywing en verklaring van die geloof wat nodig is om deel aan die heil van Jesus te verkry — maar hulle klink hard (vers 60).

Die Jode sê dan ook: Hoe kan Hy ons sy vlees gee om te eet? Op hierdie vraag "hoedat dit kan", gee Jesus geen antwoord nie. Hy herhaal net sy woorde: My vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.

Dat Jesus hier oordragtelik praat, blyk ook daaruit dat Hy by "bloed" 'n ander figuur gebruik as wat gewoonlik in die Skrifte die geval is.

Die gewone figuurlike gebruik van "bloed" is dat dit dien om te was, soos in Openbaring 1:14: Hulle wat uit die groot verdrukking kom, het hulle klere gewas in die bloed van die Lam. So praat die Skrif meermale van "die bloed van die besprinkeling" (Hebreërs 12:24). Dat dit in figuurlike sin verstaan moet word, is duidelik. Bloed is immers nie 'n geskikte wasmiddel nie. Die bedoeling is dat ons deur Christus se bloed vergewing van sondes ontvang en dus *rein* word van die sonde. So sê die Kategismus dan ook in verband met die doop dat Christus hierdie uitwendige waterbad ingestel het en daarby beloof het "dat ek net so seker met sy bloed en Gees gewas is van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem" (antwoord 69). In dieselfde trant sê die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die doop dat net soos die water die vuilheid van die liggaam afwas . . . so ook doen die bloed van

Christus dieselfde inwendig in die siel deur die Heilige Gees: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes ..." (artikel XXXIV).

In Joh. 6 praat Jesus egter van sy bloed as *drank.* Soos ons gesien het, beteken om sy vlees te eet en sy bloed te drink, dat ons in Hom moet glo (vers 47). Dit klink baie eenvoudiger. Maar uit hierdie "harde" beeldspraak van Jesus blyk wat die ware geloof in Hom eintlik is. Dit is 'n diepgaande geestelike werksaamheid van ons wedergebore lewe. Dit is om Hom aan te neem as die enigste Redder van Wie alleen ons alle heil moet en kan verwag.

In die gebed by die formulier om die Heilige Nagmaal te hou, bid die gemeente dat God deur sy Heilige Gees wil bewerk dat ons met waaragtige vertroue ons aan sy Seun Jesus Christus *hoe langer hoe meer oorgee.* Jesus noem dit: om Hom te eet (vers 57).

Om Hom aan te neem, om jou hoe langer hoe meer aan Hom oor te gee, beteken ten slotte om een met Hom te word. Want dit wat ons eet, word saam met ons een geheel. Ons neem dit in ons op. Dan gee dit voeding aan die lewe. Net so leef die gelowiges saam met Christus en deur Hom. Hulle word met Hom verenig, in Hom ingelyf. Dit is die intense werking en betekenis van "glo".

Die Heidelbergse Kategismus verklaar die uitdrukking "die gekruisigde liggaam van Christus eet en sy vergote bloed drink" dan ook soos volg in antwoord 76: om deur die Heilige Gees wat en in Christus en in ons woon, só met sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig te word dat, al is dit dat Christus in die hemel is en ons op die aarde, ons tog vlees van sy vlees en been van sy gebeente is.

"Hoe langer hoe meer" — die formulier sê dit tot tweemaal toe. Dit is 'n proses, 'n geloofsproses van "saamgroei" met Christus (Romeine 6:5).

Antwoord 76 bevestig hiermee die uitspraak van antwoord 20: dat ons in Hom *ingelyf* word. Dit is waarlik 'n een-wees met Hom, 'n unie — 'n mistieke unie. Deur die geloof — wat die hand en mond van ons siel is — ontvang ons die ware liggaam en die ware bloed van Christus in ons siele.

Die ware liggaam en die ware bloed, sê die Nederlandse Geloofsbelydenis in artikel XXXV. Hiermee bedoel die belydenis dat dit nie letterlik verstaan moet word nie. Ons ontvang dit ook nie in ons liggaam nie, maar in ons siel, dit is: in ons geestelike bestaan. Die ware liggaam en die ware bloed van Christus is dit wat Hyself bedoel het met sy woorde in vers 48: "die brood van die lewe". Dit is Hy. Hy is dit uit Wie en deur Wie ons die lewe ontvang en besit.

En nie net *ons* nie! Ons kan nie nalaat om daarop te wys nie. Jesus sê: Die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die *wêreld* sal gee". Dit is immers God se plan om alle dinge — sowel in die hemele as op die aarde — onder een hoof in Christus te verenig (Efesiërs 1:10). Die verloste en herskape wêreld leef deur Hom deur Wie alle dinge ook ontstaan het, sê Johannes 1:3. Hy is die Middelaar van Skepping en Herskepping. En in die herskape wêreld is dit mense, is dit sy gemeente, wat met Hom verenig word.

Met die uitdrukkings: die *ware* liggaam en die *ware* bloed van Christus gee die geloofsbelydenis te kenne dat ons die woorde "vlees" en "bloed" nie letterlik moet verstaan nie.

Hierteen waarsku die Kategismus dan ook met groot nadruk. Hy doen dit in Sondag 29 by die bespreking van die Nagmaal.

Die Nagmaal is die sakrament waarin Jesus sy woorde uit Johannes 6 sigbaar voor ons oë stel.

By die instelling van die Nagmaal het Jesus brood geneem en dit gebreek en gesê: Dit is my liggaam wat vir julle gebreek word. Daarna neem Hy die beker en sê: Dit is die nuwe testament in my bloed. By "nuwe testament" dink Jesus aan die belofte uit Jeremia 31. Soos ons weet, sluit Jesus dikwels aan by die Ou Testament. Hier ook.

In Jeremia 31 vind ons die allesomvattende heilsbelofte: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Juda 'n *nuwe* verbond sal sluit. Nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op die dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie — my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná die dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Hierdie is die genadeverbond in sy nuwe bedeling!

Nou is dit hier, sê Jesus, in my bloed!

Hy gee sy bloed, sy lewe, sodat die God van die verbond sy belofte kan vervul ter wille van sy dood. Deur sy soendood is daar vergewing van ons ongeregtigheid en geen gedagtenis aan ons sonde nie, maar 'n nuwe lewe waarin ons die HERE ken.

Omdat dit deur Christus verwerf word en omdat Hy dit aan ons skenk, sê Hy: Ek is die brood van die lewe. Dit is die *waarheid* in die sakrament. Dit is Christus self. In die sakrament verseker Hy ons dat ons net so waarlik sy ware liggaam en bloed —dit is dus Christus self — deelagtig word as wat ons die brood en die wyn met die liggaamlike mond ontvang.

Uiterlik en sigbaar eet ons brood en drink ons wyn, maar in werklikheid ontvang ons Christus self. Hoe God dit doen, kan die Kategismus nie sê nie, want dit gaan, sê artikel XXXV, ons verstand te bowe. Dit is vir ons onbegryplik hoe dit gebeur — net soos die werking van die Heilige Gees verborge en onbegryplik is.

Hier staan ons weer voor die verborgenheid van die geloof!

Maar al is dit 'n verborgenheid — dit is nie minder wérklik nie. Om die werklikheid te beklemtoon, gaan artikel XXXV verder: Intussen dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie. Maar die wyse waaróp ons dit gebruik, is nie die mond nie, maar die gees deur die geloof. Paulus sê: Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën. is dit nie die *gemeenskap* met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? (1 Korinthiërs 10:16).

Die Nagmaal is by uitstek die sakrament van die mistieke unie. Die Nagmaal is dit sónder dat brood en wyn die wesenlike liggaam van Christus word (of is) ofskoon dit na die aard en die eienskap van die sakramente die liggaam van Christus Jesus genóém word.

"Na die aard en die eienskap van die sakramente" — dit is die taal van antwoord 78.

Dit is weer sakramentele taal.

Ons kan ons taal op verskillende maniere gebruik: alledaagse taal, verhewe taal, digterlike taal, wysgerige taal, profetiese taal en simboliese taal. Nou ja, hier het ons sakramentele taal. Dit is 'n taal wat deur gelówiges wel verstaan word.

Juis die taal sê vir ons in 1 Korinthiërs 10:16 dat ons nie net uiterlike sigbare ontvang nie,

maar die waarheid daarvan, dit is Christus self . . . totdat Hy kom! (11:26).

Dan, as Hy kom, gaan die verborgenheid van die geloof oor in die werklikheid van die aanskouing.